



**onderwys**

Departement van Onderwys  
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**Nasionale Kurrikulumverklaring  
Graad 10 – 12  
(Algemeen)**

**TALE  
AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL**

---

---

**Departement van Onderwys**

Sol Plaatje Huis  
Schoemanstraat 123  
Privaatsak X895  
Pretoria 0001  
Suid-Afrika  
Tel: +27 12 312-5911  
Faks: +27 12 321-6770

Pleinstraat 120  
Privaatsak X9023  
Kaapstad 8000  
Suid-Afrika  
Tel: +27 21 465-1701  
Faks: +27 21 461-8110

<http://education.pwv.gov.za>

© 2003 Departement van Onderwys

ISBN 1-919975-86-1

Ontwerp en uitleg deur: Seriti Printing (Pty) Ltd

---

## HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK

Hierdie dokument is 'n beleidsdokument wat uit vier hoofstukke bestaan. Dit is belangrik dat die leser tydens die bestudering van die dokument die inligting van die verskillende afdelings op 'n geïntegreerde wyse lees. Die opgesomde inhoud van elke hoofstuk volg hieronder:

### ■ Hoofstuk 1 – Inleiding tot die Nasionale Kurrikulumverklaring

Die beginsels en ontwerpelemente van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen).

### ■ Hoofstuk 2 – Inleiding tot die Leerveld vir Tale

Die definisie, doel, omvang, tipiese beroepsmoontlikhede en Leeruitkomste van die Leerveld vir Tale. Dit oriënteer die leser aangaande Tale.

### ■ Hoofstuk 3 – Leeruitkomste, Assesseringstandaarde, Inhoud en Kontekste

Die volledige lys Leeruitkomste en Assesseringstandaarde. Die Assesseringstandaarde is gerangskik om die leser 'n geheelbeeld te gee van die progressie van graad 10 tot graad 12. Gevolglik is die Assesseringstandaarde 'n dubbelbladuitleg. Aan die einde van die hoofstuk verskyn die voorgestelde inhoud en kontekste om die Assesseringstandaarde te bereik.

### ■ Hoofstuk 4 – Assessering

Die generiese benadering tot assessering. Aan die einde van die hoofstuk is 'n tabel wat vakspesifieke Bevoegdheidsoms krywings bevat. Die tabel bestaan uit 'n kode, skaal en bevoegdheidsoms krywings vir elke graad. Die bevoegdheidsoms krywings is so gerangskik dat die leser in staat is om die progressie van graad 10 tot graad 12 te kan sien.

### ■ Simbole:

Die volgende simbole word gebruik om Assesseringstandaarde, Leeruitkomste, grade, kodes, skale, bevoegdheidsoms krywings, inhoud en kontekste te identifiseer:



= Leeruitkoms



= Skaal



= Assesseringstandaard



= Bevoegdheidsoms krywing



= Graad



= Inhoud en konteks



= Kode



## INHOUD

<b>HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK</b>	<b>iii</b>
<b>AKRONIEME</b>	<b>ix</b>
<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING</b>	<b>1</b>
<b>BEGINSELS</b>	<b>1</b>
Sosiale transformasie	2
Uitkomsgebaseerde Onderwys	2
Hoë kennis- en vaardigheidsvlakke	3
Integrasie en toegepaste bevoegdheid	3
Progressie	3
Artikulasie en oordraagbaarheid	3
Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid	4
Waardering vir inheemse kennissisteme	4
Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid	5
<b>DIE SOORT LEERDER WAT IN DIE VOORUITSIG GESTEL WORD</b>	<b>5</b>
<b>DIE SOORT ONDERWYSER WAT IN DIE VOORUITSIG GESTEL WORD</b>	<b>6</b>
<b>STRUKTUUR- EN ONTWERPELEMENTE</b>	<b>6</b>
Struktuur van die Nasionale Kurrikulumverklaring	6
Inhoud van Vakverklarings in die Leerveld vir Tale	7
<b>RIGLYNE VIR LEERPROGRAMME</b>	<b>8</b>

<b>HOOFSTUK 2: INLEIDING TOT DIE LEERVELD VIR TALE</b>	<b>9</b>
<b>DEFINISIE</b>	<b>9</b>
<b>DOEL</b>	<b>9</b>
<b>OMVANG</b>	<b>10</b>
Inklusiwiteit	10
Taalvlakke	11
<b>ONDERWYS- EN BEROEPSMOONTLIKHEDE</b>	<b>12</b>
<b>LEERUITKOMSTE</b>	<b>12</b>
Leeruitkoms 1: Luister en Praat	12
Leeruitkoms 2: Lees en Kyk	13
Leeruitkoms 3: Skryf en Aanbied	13
Leeruitkoms 4: Taal	13
<b>HOOFSTUK 3: LEERUITKOMSTE, ASSESSERINGSTANDAARDE, INHOUD EN KONTEKSTE</b>	<b>14</b>
Leeruitkoms 1: Luister en Praat	14
Leeruitkoms 2: Lees en Kyk	22
Leeruitkoms 3: Skryf en Aanbied	28
Leeruitkoms 4: Taal	34
<b>INHOUD EN KONTEKSTE VIR DIE BEREIKING VAN ASSESSERINGSTANDAARDE</b>	<b>42</b>
Die gebruik van tekste vir die onderrig van taal	42
'n Begrip van die samestelling van tekste	43

<b>HOOFSTUK 4: ASSESSERING</b>	<b>47</b>
<b>INLEIDING</b>	<b>47</b>
<b>WAAROM ASSESSEER</b>	<b>47</b>
<b>SOORTE ASSESSERING</b>	<b>48</b>
Grondlynassessering	48
Diagnostiese assessering	48
Formatiewe assessering	48
Sommerende assessering	49
<b>WAT MET ASSESSERING BEOOG WORD</b>	<b>49</b>
<b>HOE GEASSESSEER WORD</b>	<b>49</b>
<b>ASSESSERINGSMETODES</b>	<b>50</b>
Selfassessering	50
Portuurassessering	50
Groepassessering	50
<b>METODES VIR DIE INSAMELING VAN ASSESSERINGSBEWYSE</b>	<b>51</b>
Waarnemingsgebaseerde assessering	51
Toetsgebaseerde assessering	51
Taakgebaseerde assessering	51
<b>REKORDDHOUDING EN RAPPORTERING</b>	<b>51</b>
Metodes van verslaghouding	52
Rapportering van prestasie en vordering	53
<b>VAKBEVOEGDHEIDSOMSKRYWINGS</b>	<b>54</b>

BEVORDERING	54
WATTER INLIGTING IN RAPPORTE/VERSLAGKAARTE MOET VERSKYN	54
ASSESSERING VAN LEERDERS MET SPESIALE ONDERWYSBEHOEFTE	55
BEVOEGDHEIDSOMSKRYWINGS VIR TWEEDE ADDISIONELE TAAL	56
WOORDELYS	69



## AKRONIEME

AOO	Algemene Onderwys en Opleiding
DAS	Deurlopende Assessering
IKS	Inheemse Kennissisteme
MIV	Menslike immunitetsgebreksvirus
NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring
SAKO	Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid
UGO	Uitkomsgebaseerde Onderwys
VIGS	Verworwe immunitetsgebreksindroom
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding



## HOOFSTUK 1

### INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) verskaf die grondslag vir kurrikulumtransformasie en -ontwikkeling in Suid-Afrika. Volgens die Aanhef is die doelstellings van die Grondwet om:

- die verdelings van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte te skep;
- die lewensgehalte van al die burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit;
- die grondslag te lê van 'n demokratiese en oop samelewing waar regering op die wil van die bevolking gegrond is en die reg van elke burger in gelyke mate beskerm word; en
- 'n verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Die Grondwet bepaal verder dat “elkeen die reg het tot verdere onderwys wat die Staat, deur redelike maatreëls, geleidelik beskikbaar en toeganklik maak,,

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) vorm die grondslag van die verwesenliking van hierdie doelwitte in die uitspel van onderwys deur die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde, asook die kernbeginsels en waardes wat dit onderlê.

### BEGINSELS

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) is gebaseer op die volgende beginsels:

- sosiale transformasie;
- uitkomsgebaseerde onderwys;
- hoë kennis- en vaardigheidsvlakke;
- integrasie en toegepaste bevoegdheid;
- progressie;
- artikulasie en oordraagbaarheid;
- menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid;
- waardering vir inheemse kennissisteme; en
- geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid.

## Sosiale transformasie

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) vorm die grondslag van sosiale transformasie in 'n postapartheidsamelewing. Die noodsaaklikheid om die Suid-Afrikaanse samelewing te omvorm deur middel van verskeie transformerende instrumente ontstaan uit die behoefte om die nalatenskap van apartheid op al die terreine van menslike aktiwiteite, en spesifiek die onderwys, reg te stel. Sosiale transformasie moet verseker dat ongelykhede van die verlede aangepak word, en dat gelyke onderwysgeleenthede aan almal voorsien word. Indien Suid-Afrikaners sosiale transformasie wil bewerkstellig, moet hulle kunsmatige struikelblokke op weg na 'n kwalifikasie verwyder sodat almal se potensiaal deur onderwys erken word.

## Uitkomsgebaseerde Onderwys

Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) is die grondslag van die kurrikulum in Suid-Afrika. Die Leeruitkomste wat leerders aan die einde van die proses moet bereik, dui op die strewes om deur UGO alle leerders in staat te stel om volgens hul vermoë te presteer. Die Leeruitkomste beklemtoon 'n leerdergerigte en aktiwiteitsgebaseerde benadering tot onderwys. Die Nasionale Kurrikulumverklaring baseer die Leeruitkomste vir graad 10 – 12 op die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomste wat deur die Grondwet geïnspireer en in 'n demokratiese proses ontwikkel is.

Die Kritieke Uitkomste vereis dat leerders in staat is om die volgende te doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- begryp dat die wêreld 'n stel verwante stelsels is waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

Die Ontwikkelingsuitkomste stel leerders in staat om die volgende te doen:

- dink na oor en ondersoek 'n verskeidenheid strategieë om meer doeltreffend te leer;
- neem as verantwoordelike burgers aan die lewe van die plaaslike, nasionale en wêreldgemeenskap deel;
- is kultureel en esteties sensitief in verskeie sosiale kontekste;
- ondersoek onderwys- en beroepsmoontlikhede; en
- ontwikkel entrepreneursgeleenthede.

## Hoë kennis- en vaardigheidsvlakke

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) is gerig op die ontwikkeling van hoë kennis- en vaardigheidsvlakke vir leerders. Dit stel hoë verwagtings aan Suid-Afrikaanse leerders. Sosiale geregtigheid vereis dat groepe wat voorheen deur 'n gebrek aan kennis en vaardighede ontmagtig is, nou bemagtig word. Die Nasionale Kurrikulumverklaring beskryf die minimum standarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word – standarde wat in al die vakke hoog, maar bereikbaar is.

## Integrasie en toegepaste bevoegdheid

Integrasie geskied binne en oor vakke en leervelde, asook tussen vakke en praktykgerigte areas heen. Hierdie integrasie is beslissend vir die verwerwing van toegepaste bevoegdhede soos gedefinieer in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Toegepaste bevoegdheid behels die integrering van drie afsonderlike soorte bevoegdhede, naamlik praktiese, teoretiese en reflektiewe bevoegdhede. Omdat die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) hierdie beginsel van integrasie en toegepaste bevoegdhede aanvaar, bevorder dit die geïntegreerde leer van teorie, toepassing in praktyk, en refleksie.

## Progressie

Progressie verwys na die proses waartydens meer gevorderde en komplekse kennis en vaardighede ontwikkel word. Die Vakverklarings toon progressie van graad tot graad. Na elke Leeruitkoms volg 'n eksplisiete verklaring van die verwagte prestasievlak vir die bereiking van die uitkoms. Assesseringstandarde is geformuleer in 'n formaat wat vir elke graad aandui hoe die verwagte prestasievlakke in moeilikheidsgraad en omvang toeneem. Inhoud en kontekste toon ook progressie van eenvoudig tot kompleks namate leerders van graad tot graad vorder.

## Artikulasie en oordraagbaarheid

Artikulasie verwys na die verband tussen kwalifikasies in die verskillende vlakke of bande van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk en wel op 'n wyse wat toegang van een kwalifikasie na 'n ander bevorder. Dit is veral belangrik in die geval van kwalifikasies binne dieselfde loopbaanvelde. Omdat die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband tussen die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband en die Hoër-Onderwys-en-Opleidingsband val, is dit noodsaaklik dat die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat (Algemeen) artikuleer met die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat en ander kwalifikasies in soortgelyke leerveldbane van hoër onderwys. Om hierdie artikulasie te bewerkstellig is tydens die ontwikkeling van die Kurrikulumverklaring noukeurige ondersoek gedoen na die uitreevlakverwagtings in die leerareas van Algemene Onderwys en Opleiding én van die veronderstelde leer wat nodig is vir die intreevlakke van verwante dissiplines in hoër onderwys.

Oordraagbaarheid verwys na die mate waarin dele van 'n kwalifikasie (vakke of eenheidstandaarde) oorgedra kan word na 'n ander kwalifikasie binne 'n ander leerveldbaan van dieselfde band van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Om die oordraagbaarheid van vakke in Graad 10 – 12 (Algemeen) te versterk, is meganismes ondersoek soos om 'n vak as gelykstaande aan eenheidstandaarde van 20 krediete elk te beskou. Heelwat van die vakke in die Nasionale Kurrikulumverklaring is so geformuleer dat dit artikuleer met toepaslike eenheidstandaarde geregistreer ingevolge die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

### **Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid**

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) probeer om menseregte, inklusiwiteit omgewings- en sosiale geregtigheid te verseker. Al die nuwe Vakverklarings weerspieël die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore.

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) volg 'n inklusiewe benadering deur minimum vereistes vir alle leerders te spesifiseer. Dit gee erkenning aan die beginsel dat alle leerders geleentheid moet kry om tot hul volle potensiaal te ontwikkel mits hulle die nodige steun ontvang. Die intellektuele, sosiale, emosionele, spirituele en fisiese behoeftes van leerders kry aandag in die ontwerp en ontwikkeling van gepaste Leerprogramme en deur die gebruik van gepaste assesseringsinstrumente.

### **Waardering vir inheemse kennissisteme**

Gedurende die sestigerjare het teorieë oor veelvuldige intelligensie meegebring dat opvoedkundiges besef het daar is verskillende maniere waarop inligting geprosesseer en betekenis geskep kan word en dat, indien intelligensie opnuut gedefinieer word, hierdie verskillende benaderings in ag geneem moet word. Tot op daardie stadium het die Westerse wêreld veral waarde geheg aan logiese, wiskundige en spesifieke linguistieke bevoegdheede. 'n Persoon is as 'intelligent' beskou indien bedrewe in hierdie bevoegdheede. Tans erken mense die wye diversiteit van kennissisteme wat gebruik kan word om betekenis te gee aan hulle leefwêreld.

Inheemse kennissisteme binne die Suid-Afrikaanse konteks verwys na 'n kennisgeheel van filosofiese denkwyses en sosiale praktyke wat oor duisende jare in Afrika ontstaan het. Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) sluit doelbewus inheemse kennissisteme in die Vakverklarings in om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy. Soveel as moontlik verskillende perspektiewe is ingesluit om by te dra tot probleemoplossing in al die leervelde.

## Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) streef na geloofwaardigheid deur 'n transformasie-agenda en deur onderwys te voorsien wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte. Gehalteversekering sal gereguleer word deur die vereistes van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (Wet 58 van 1995), die Onderwys-en-Opleiding-Gehalteversekeringsregulasies en die Gehalteversekeringswet (Wet 58 van 2001) vir Algemene en vir Verdere Onderwys en Opleiding.

## DIE SOORT LEERDER WAT IN DIE VOORUITSIG GESTEL WORD

Waardes is belangrike aspekte vir die ontwikkeling van die mens omdat waardes betekenis aan persoonlike spirituele ervarings en intellektuele speurtoegte gee. Die dokument *The Manifesto on Values, Education and Democracy* (Departement van Onderwys, 2001:9 – 10) verklaar die volgende oor onderwys en waardes:

*Values and morality give meaning to our individual and social relationships. They are the common currencies that help make life more meaningful than might otherwise have been. An education system does not exist to simply serve a market, important as that may be for economic growth and material prosperity. Its primary purpose must be to enrich the individual and, by extension, the broader society.*

Die soort leerder wat in die vooruitsig gestel word, is geïnspireer deur respek vir die waardes wat in die Grondwet beskryf word soos demokrasie, gelykheid, menswaardigheid en sosiale regverdigheid. Hierdie soort leerder sal dienooreenkomstig in belang van die samelewing optree.

'n Leerder wat uit die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband tree, moet die bereiking van die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomstes, soos vroeër in die dokument aangedui, toon. Vakke in die Fundamentele leerkomponent dra saam daartoe by om die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomstes te bevorder, terwyl spesifieke vakke in die Kern- en Elektiewe Komponente individueel die bereiking van spesifieke Kritieke en Ontwikkelingsuitkomstes bevorder.

Afgesien van bogenoemde kenmerke behoort leerders wat uit die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband tree, ook te kan

- toetree tot kwaliteit lewenslange leer en opleiding en daarin suksesvol wees;
- logies en analities dink en holistiese en laterale denke openbaar; en
- vaardighede van bekende kontekste na onbekende situasies oordra.

## DIE SOORT ONDERWYSER WAT IN DIE VOORUITSIG GESTEL WORD

Alle onderwysers en ander opvoeders speel sleutelrolle in die transformasie van onderwys in Suid-Afrika. Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) stel gekwalifiseerde, bekwame, toegewyde en sorgsame onderwysers in die vooruitsig. Hulle sal in staat wees om die verskillende rolle te vervul soos in die Norme en Standaarde vir Opvoeders uiteengesit. Van onderwysers word verwag om op te tree as bemiddelaars van leer, interpreteerders en ontwerpers van Leerprogramme en -materiaal, leiers, administrateurs en bestuurders, studente, navorsers en lewenslange leerders, gemeenskapslede, burgers en begeleiers, en assessore en vakkundiges.

## STRUKTUUR- EN ONTWERPELEMENTE

### Struktuur van die Nasionale Kurrikulumverklaring

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) bestaan uit 'n Oorsigdokument, die *Qualifications and Assessment Policy Framework Grade 10 – 12 (General)*, en die Vakverklarings.

Die vakke in die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) word in ses leervelde gekategoriseer.

### *Wat is 'n Leerveld?*

'n Leerveld is 'n kategorie wat dien as 'n basis vir verwante vakke. Dit fasiliteer ook die formulering van reëls vir vakkombinasies vir die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat (Algemeen). Die afbakening van leervelde vir graad 10 – 12 is gedoen met inagneming van artikulasie met die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband en die Hoër-Onderwys-en-Opleidingsband, asook met klassifikasieskemas in ander lande.

Alhoewel die ontwikkeling van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) die twaalf organiseringsvelde van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk as vertrekpunt gebruik het, is die twaalf organiseringsvelde nie noodwendig leervelde of 'kennisvelde' nie, maar dit is eerder aan beroepskategorieë gekoppel.

Die volgende vakgroeperinge is afgebaken in leervelde om vakkombinasies vir leerders te vergemaklik:

- Tale (Fundamenteel);
- Kuns en Kultuur;
- Sake-, Handel-, Bestuur- en Diensstudies;
- Vervaardiging, Ingenieurswese en Tegnologie;
- Menslike en Sosiale Studies en Tale; en
- Natuur-, Wiskundige, Rekenaar-, Lewens- en Landbouwetenskappe.



### **Wat is 'n Vak?**

In die verlede is 'n vak gedefinieer as 'n spesifieke akademiese kennisgeheel. Hierdie opvatting van 'n vak lê meer klem op kennis as op vaardighede, waardes en houdings. Vakke word deur sommiges beskou as staties en onveranderlik en met rigiede grense. Dikwels het vakke hoofsaaklik Westerse bydraes tot kennis beklemtoon.

In 'n uitkomsgebaseerde kurrikulum soos die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) word vakgrense vaag gedefinieer. Kennis integreer teorie, vaardighede en waardes. Vakke word as dinamies beskou, en behoort voortdurend op nuwe en diverse kennis te reageer, insluitend kennis wat tradisioneel van die formele kurrikulum uitgesluit is.

'n Vak in 'n uitkomsgebaseerde kurrikulum word in die breë deur Leeruitkomste gedefinieer en nie slegs deur 'n inhoudsgeheel nie. In die Suid-Afrikaanse konteks behoort die ontwerp van Leeruitkomste sodanig te wees, dat dit tot die bereiking van Kritieke en Ontwikkelingsuitkomste lei. Leeruitkomste word in breë terme gedefinieer, is buigsaam en laat ruimte om plaaslike bydraes in te sluit.

### **Wat is 'n Leeruitkoms?**

'n Leeruitkoms is 'n verklaring van die bedoelde eindresultaat van leer en onderrig. Dit beskryf kennis, vaardighede en waardes wat leerders aan die einde van die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband behoort te verwerf.

### **Wat is 'n Assesseringstandaard?**

Assesseringstandaarde is kriteria wat gesamentlik beskryf wat 'n leerder behoort te weet en in staat is om te kan doen om die bereiking van die Leeruitkoms op die vlak van 'n spesifieke graad te toon.

Assesseringstandaarde beskryf die kennis, vaardighede en waardes wat leerders moet verwerf om die Leeruitkomste te bereik. Vir elke Leeruitkoms toon die Assesseringstandaarde gesamentlik die wyse aan waarop konseptuele progressie van graad tot graad plaasvind.

## **Inhoud van Vakverklarings in die Leerveld vir Tale**

Elke Vakverklaring in die Leerveld vir Tale bestaan uit vier hoofstukke en 'n woordelys:

- *Hoofstuk 1, Inleiding tot die Nasionale Kurrikulumverklaring:* Hierdie generiese hoofstuk lei die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) in.
- *Hoofstuk 2, Inleiding tot die Leerveld vir Tale:* Hierdie hoofstuk sit die hoofkenmerke van die Leerveld vir Tale uiteen. Dit bestaan uit 'n definisie van die leerveld, die doel en omvang daarvan, onderwys- en beroepsmoontlikhede en Leeruitkomste.

- *Hoofstuk 3, Leeruitkomste, Assesseringstandaarde, Inhoud en Kontekste:* Hierdie hoofstuk bestaan uit Leeruitkomste met die gepaardgaande Assesseringstandaarde, en inhoud en kontekste om die Assesseringstandaarde te bereik.
- *Hoofstuk 4, Assessering:* Hierdie hoofstuk omskryf die beginsels vir assessering en maak voorstelle vir verslaghouding en verslaglewering of rapportering van assessering. Bevoegdheidsomskrywings vir die spesifieke vak word hier uiteengesit.
- *Woordelys:* Hierdie afdeling bevat definisies van vakspesifieke en geselekteerde algemene terme.

## RIGLYNE VIR LEERPROGRAMME

Leerprogramme spesifiseer die omvang van leer en assessering vir die drie grade in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband. Dit is die programme wat verseker dat leerders die Leeruitkomste kan demonstreer soos deur die Assesseringstandaarde vir 'n spesifieke graad voorgeskryf. Die Riglyne vir Leerprogramme help onderwysers en ander ontwikkelaars van Leerprogramme met die beplanning en ontwerp van leer-, onderrig- en assesseringsprogramme van 'n hoë gehalte.

## HOOFSTUK 2

### INLEIDING TOT DIE LEERVELD VIR TALE

#### DEFINISIE

Taal is 'n instrument vir denke en kommunikasie. Deur taal word kulturele diversiteit en sosiale betrekkinge gekonstrueer en uitgedruk. Die doeltreffende gebruik van taal stel leerders in staat om te dink en kennis te verwerf, hulle kreatiewe vermoëns en identiteit, asook gevoelens en idees uit te druk, in interaksie te tree met ander en om hul eie leefwêreld te bestuur.

#### DOEL

Weens Suid-Afrika se taal- en kulturele verskeidenheid moet Suid-Afrikaners bemagtig word om oor taalgrense heen te kommunikeer en sodoende kulturele en linguistieke verdraagsaamheid en begrip te bevorder. Die grondwetlike erkenning van 11 amptelike tale en die taal-in-onderwys-beleid wat 'n toevoegende benadering tot veeltaligheid volg, aanvaar die land se kulturele en taaldiversiteit en ag dit van waarde. Leerders is verplig om ten minste twee tale as Fundamentele vakke te neem. In die geval van 'n derde of meer tale, kan dit deel vorm van die Kern- en/of Elektiewe vakke.

In die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband word die leerder se kennis van die huistaal deeglik ontwikkel. Dit vorm die grondslag vir die aanleer van addisionele tale. Wanneer leerders graad 10 bereik, het hulle reeds addisionele tale begin aanleer en verken en dalk ook vir leerdoeleindes gebruik. Die kurrikulum vir die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband bied aan leerders geleenthede om hulle vaardighede in ander tale te versterk en te ontwikkel. Van leerders word verwag om, namate hulle vorder, hulle taal met toenemende vlotheid, beheer en akkuraatheid binne 'n groter verskeidenheid situasies te gebruik. Hulle aanvaar meer verantwoordelikheid vir hulle eie leer en wend hulle taalvaardighede op meer uitdagende en komplekse maniere aan.

Die verskillende geletterdhede wat nodig is vir doeltreffende deelname aan die samelewing en vir gebruik in die werkplek as deel van die wêrelddeksonomie van die 21ste eeu, sluit meer in as net luister, praat, lees skryf en orale tradisies. Ook ander geletterdhede is nodig, byvoorbeeld in die gebruik van media, grafiese voorstellings, inligting, rekenars, en kulturele en kritiese geletterdheid. Die taalkurrikulum berei leerders voor vir die uitdagings wat hulle as Suid-Afrikaners en as lede van die wêreldgemeenskap in die gesig staar.

Die kurrikulum vir die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband stel alle leerders in staat om aan die vereistes van

die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomst te voldoen, insluitend die volgende doelwitte:

- Verbreed en verdiep taalbevoegdheids wat alreeds in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband ontwikkel is. Dit sluit die abstrakte taalvaardighede in wat nodig is vir akademiese leer oor die kurrikulum heen. Leerders toon waardering vir die estetiese waarde en leesgenot van tekste, sodat hulle in staat is om met vertroue te luister, praat, lees/kyk en skryf/aanbied. Hierdie vaardighede en houdings vorm die grondslag vir lewenslange leer.
- Gebruik taal gepas in lewensgetroue kontekste met inagneming van die teikengroep, doel en konteks.
- Gebruik taal met vertroue om eie idees, sienings en emosies uit te druk en te regverdig ten einde selfstandige en analitiese denkers te word.
- Gebruik taal en verbeelding om menslike ervarings uit te beeld en te verken. Deur interaksie met kreatiewe tekste, kan leerders oor hulle eie lewens en ervarings nadink en alternatiewe wêreldbeskouings oorweeg.
- Gebruik taal om inligting te verkry en te bestuur vir leer oor die kurrikulum heen en in 'n wye verskeidenheid ander kontekste. Inligtingsgeletterdheid is 'n noodsaaklike vaardigheid in die 'inligtingseu' en vorm die grondslag vir lewenslange leer.
- Gebruik taal as 'n instrument vir kritiese en kreatiewe denke. Hierdie doelwit bevestig dat kennis sosiaal deur taal gekonstrueer word en dat daar 'n nuwe interaksie tussen taal en denke bestaan.
- Druk beredeneerde opinies oor etiese kwessies en waardes uit. Om leerders in staat te stel om 'n eie waardesisteem te ontwikkel, behoort hulle aan tekste oor menseregte en verantwoordelikhede soos die regte van kinders, vroue, gestremdes en bejaardes blootgestel te word, asook aan kwessies wat verband hou met ras, kultuur, ideologie, klas, geloofstelsels, geslag, MIV en vigs, vryheid van uitdrukking, sensuur en die omgewing.
- Werk krities met 'n wye verskeidenheid tekste. Leerders behoort die perspektiewe, waardes en magsverhoudings wat onderliggend in tekste ingesluit is, te herken en te bevraagteken.
- Herken die ongelyke status van verskillende tale en taalvarieteite. Leerders is in staat om die oorheersing van enige taal of taalvarieteit te bevraagteken en om in 'n multikulturele samelewing hul eie taalregte te handhaaf.

## OMVANG

### Inklusiwiteit

Die onderrig en assessering van tale behoort voorsiening te maak vir die insluiting van alle leerders. Strategieë om tekste vir alle leerders toeganklik te maak en hulle in staat te stel om self tekste te produseer, moet gevind word. Sekere leerders wat struikelblokke ervaar, mag dalk nie sommige van die Assesseringstandaarde soos in die Nasionale Kurrikulumverklaring vervat, bereik nie. Die volgende moet derhalwe in ag geneem word:

- Die begrippe 'beskryf', 'vertel', 'oorvertel', 'parafraseer', 'praat', 'sê', 'bespreek', 'verduidelik', 'vra' en 'voer gesprek' sluit alle vorme van verbale en nie-verbale kommunikasie, asook gebaretaal en alternatiewe en aanvullende kommunikasiemetodes in. Op soortgelyke wyse sluit die woord 'mondeling' ook gebaretaal en aanvullende kommunikasiehoopmiddels in.

- Die begrippe ‘luister’, ‘lees’ en ‘kyk’ sluit vorme van kommunikasie in soos die ‘lees’ van lippetaal en gebaretaal.
- Gesiggestremde leerders mag aanvullende metodes en tekste in formate soos Braille, klankopnames, grootdruk, taktiele metodes en tekeninge benodig. Die begrip ‘visualiseer’ kan deur fisiese voorstelling uitgedruk word. Verwysings na ‘lees’ sluit bronne soos Braille en klanktekste in.

## Taalvlakke

Die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband sluit al die amptelike tale in – Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa, isiZulu, Sesotho, Sepedi (Sesotho sa Leboa), Setswana, siSwati, Tshivenda en Xitsonga – asook Gebaretaal en tale wat deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) goedgekeur is.

Die Kurrikulumverklaring vir Huis-, Eerste Addisionele en Tweede Addisionele Tale mag vir goedgekeurde nie-amptelike tale verwerk word. Hierdie tale kan as Kern- of Elektiewe komponente van die kurrikulum aangebied word.

Alle tale kan op die volgende vlakke aangebied word:

- *Huistaal*: Die leerder se huistaal moet versterk en ontwikkel word om sodoende die grondslag vir die aanleer van addisionele tale te vorm. In die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband het alle amptelike Suid-Afrikaanse tale hoë, internasionaal vergelykbare Huistaalleeruitkomstes. Dit is ooreenkomstig die grondwetlike vereistes van gelyke status vir alle amptelike tale. Die kognitiewe vlak van die huistaal behoort sodanig te wees dat dit ook vir onderrig en leer gebruik kan word. Luister- en praatvaardighede word verder ontwikkel en verfyn, maar op hierdie vlak word klem op die ontwikkeling van die leerder se lees- en skryfvaardighede geplaas.
- *Eerste Addisionele Taal*: Die aanleer van ’n Eerste Addisionele Taal bevorder veeltaligheid en interkulturele kommunikasie. Omdat leerders moontlik in die Suid-Afrikaanse konteks deur die medium van hul Eerste Addisionele Taal mag leer, bied Leeruitkomstes vir Eerste Addisionele Tale bevoegdheidsvlakke wat beantwoord aan die drempelvlakke benodig vir doeltreffende leer oor die kurrikulum heen. Dit sluit die abstrakte, kognitiewe akademiese taalvaardighede in wat nodig is vir dink en leer. Hierdie beginsel is op al die amptelike tale van toepassing. Die taalvaardighede, naamlik luister, praat, lees/kyk en skryf/aanbied kry ewe veel aandag.
- *Tweede Addisionele Taal*: Die aanleer van ’n Tweede Addisionele Taal bevorder veeltaligheid en interkulturele kommunikasie. Alhoewel lees- en skryfvaardighede ontwikkel word, word veral die ontwikkeling van luister- en praatvaardighede op hierdie vlak beklemtoon. Die vlak van die Tweede Addisionele Taal behoort verbeterde interpersoonlike kommunikasie as teiken te hê.

Alle leerders is verplig om twee amptelike tale in die Fundamentele komponent van die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband te neem – of twee tale op Huistaalvlak, of een op Eerste Addisionele Taalvlak en een op Huistaalvlak. Een van die tale in die Fundamentele komponent moet die Taal van Onderrig en Leer (TOL) wees. Verder kan leerders ter bevordering van veeltaligheid en daardie leerders wat besonder belangstel in tale, ander amptelike tale neem in die Kern- en Elektiewe komponente op Huistaal-, Eerste Addisionele Taal- en/of Tweede Addisionele Taalvlakke.

## ONDERWYS- EN BEROEPSMOONTLIKHEDE

In die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband is tale as vakke in die Leerarea vir Tale opgeneem; in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband skakel die Leerveld vir Tale met die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiewerheid (SAKO) se organiseringsleerveld van Kommunikasiestudies en Tale. Om kontinuïteit te verseker, word dieselfde organiseringsbeginsels in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband soos dié in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband gebruik:

- die taalvaardighede, naamlik luister, praat, lees, kyk, skryf en aanbied vorm die grondslag vir die ontwikkeling van die Leeruitkomste; en
- die gebruik van 'n wye verskeidenheid tekste stel leerders in staat om persoonlike, nasionale en wêreldaangeleenthede te ondersoek en om sodoende toenemend kennis van die wêreld op te bou.

Die bestudering van tale kan lei tot taalgeoriënteerde loopbane soos joernalistiek, vertaling, taalonderwys, bemaking, reklame en diplomatie. Dit is egter duidelik dat tale die grondslag van alle leer vorm, nie net in die alledaagse lewe nie, maar ook in die werkplek. Die ontwikkeling van entrepreneurskap berus byvoorbeeld op 'n leerder se taalbevoegdheid. Leerders se kommunikatiewe bevoegdhede bepaal hulle toegang tot die hoogs mededingende tegnologiese wêreld. Taal verleen toegang tot vele beroepsmoontlikhede en, indien nie deeglik onderrig nie, kan die leerder se beroepskeuses beperk word.

Geletterdheid vorm die grondslag vir die suksesvolle afhandeling van daaglikse take en dra by tot die lewensvaardighede wat die leerder in die wêreld moet hanteer. Taal is die instrument waarmee leerders betekenisvolle verhoudings in hulle onmiddellike gemeenskap kan bewerkstellig. Die sensitiwiteit waarmee hulle taal hanteer, bepaal die sukses of mislukking van talle interpersoonlike verhoudings.

## LEERUITKOMSTE

Die omvang en doel soos hierbo uiteengesit, is gekonsolideer tot vier Leeruitkomste. Alhoewel hierdie uitkomste afsonderlik gelys is, behoort dit tydens onderrig en assessering geïntegreer te word.



### Leeruitkoms 1: Luister en Praat

*Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.*

Leerders begryp dat luister en praat sosiale aktiwiteite is wat in spesifieke kontekste en vir verskeie doeleindes en teikengroepe plaasvind en dat mondelinge genres en registers dienooreenkomstig varieer. Hulle herken en gebruik gepaste mondelinge genres en registers in 'n verskeidenheid formele en informele kontekste.

Luister en praat is sentraal in die leer van alle vakke. Deur doeltreffende luister- en praatstrategieë kan leerders

inligting versamel en sintetiseer, kennis konstrueer, probleme oplos en idees en opinies uitdruk. Kritiese luistervaardighede stel leerders in staat om waardes en houdings wat onderliggend in tekste ingesluit is, te herken en om vooroordeel en manipulerende taal te bevraagteken.



### Leeruitkoms 2: Lees en Kyk

*Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.*

Goed ontwikkelde lees- en kykvaardighede is belangrik vir suksesvolle leer oor die kurrikulum heen, en vir volledige deelname aan die samelewing en in die werkplek. Leerders ontwikkel vaardighede om inligting in te win deur die kyk na en lees van 'n wye verskeidenheid literêre en nie-literêre tekste, insluitend visuele tekste. Hulle herken hoe genre en register die doel, teikengroep en konteks van tekste weerspieël.

Leerders gebruik verskillende lees- en kykvaardighede na aanleiding van 'n spesifieke doel en die strekking van die teks. Hulle gee betekenis aan tekste, identifiseer waardes en aannames en reageer krities. Deur lees en kyk verken en dink leerders na oor die verweefdheid van hulle eie bestaan met dié van ander. Die lees van literêre tekste bied aan leerders modelle vir hulle eie skryfwerk.



### Leeruitkoms 3: Skryf en Aanbied

*Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.*

Skryf is 'n magtige kommunikasiemiddel. Deur skryf konstrueer en kommunikeer leerders idees samehangend. Gereelde skryfaktiwiteite in verskillende kontekste, vakgebiede en vir verskeie take stel leerders in staat om funksioneel en kreatief te kommunikeer. Die doel van skryf is dat leerders vaardige en veelsydige skrywers word wat hul skryfvaardighede kan toepas om doeltreffende geskrewe, visuele, audio- en multimediatekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te ontwikkel.



### Leeruitkoms 4: Taal

*Die leerder is in staat om taalstrukture en -konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.*

Deur interaktief om te gaan met 'n verskeidenheid tekste, verbreed leerders hul woordeskat en pas hul begrip van taalstrukture toe. Hulle ontwikkel kritiese bewustheid van die wyses waarop waardes en magsverhoudings in taal ingebed kan wees en van wyses hoe taal ander kan beïnvloed.

## HOOFSTUK 3

# LEERUITKOMSTE, ASSESSERINGSTANDAARDE, INHOUD EN KONTEKSTE

Graad 10



### Leeruitkoms 1

#### Luister en Praat

*Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.*



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes:
  - lewer met die nodige hulp kommentaar op ervarings, lewer 'n voorbereide respons en vertel 'n storie;
  - inisieer en hou 'n begeleide gesprek vol;
  - gee en volg eenvoudige aanwysings en instruksies;
  - neem deel aan begeleide groepbesprekings oor enkele bekende kwessies deur eie idees en menings uit te spreek, na ander s'n te luister en dit te respekteer;
  - lewer met die nodige hulp 'n kort voorbereide toespraak of aanbieding.



## Graad 11



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes:
  - lewer kommentaar op ervarings, lewer voorbereide en onvoorbereide response en vertel 'n storie;
  - inisieer en hou gesprekke vol;
  - gee en volg eenvoudige aanwysings en instruksies;
  - neem deel aan groepbesprekings oor bekende kwessies deur eie idees en menings uit te spreek, na ander s'n te luister en dit te respekteer;
  - lewer 'n kort voorbereide toespraak of aanbieding.

## Graad 12



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes:
  - lewer kommentaar op ervarings, verdedig 'n standpunt, lewer voorbereide en onvoorbereide response en vertel 'n storie;
  - inisieer en hou gesprekke vol;
  - gee en volg aanwysings en instruksies akkuraat;
  - neem aktief deel aan groepbesprekings oor 'n verskeidenheid bekende kwessies deur eie idees en menings uit te spreek, na ander s'n te luister en dit te respekteer;
  - lewer 'n kort voorbereide toespraak of aanbieding.



### Leeruitkoms 1 (Vervolg)

#### Luister en Praat

*Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.*



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- beplan en doen navorsing om mondelinge opdragte vlot aan te bied:
  - doen navorsing oor bekende onderwerpe deur verskillende toepaslike en beskikbare bronne te gebruik;
  - organiseer geselekteerde inligting samehangend deur hoofgedagtes en toepaslike ondersteunende besonderhede of voorbeelde te kies;
  - identifiseer en kies woordeskat, taalstrukture en formate redelik geslaagd;
  - berei 'n gepaste inleiding en slot voor;
  - sluit sekere gepaste visuele, oudio- en oudiovisuele hulpmiddels in soos kaarte, plakkate, foto's, skyfies, beelde, musiek, klank en elektroniese media.

## Graad 11



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- beplan en doen navorsing om mondelinge opdragte vlot aan te bied:
  - doen navorsing oor bekende onderwerpe deur verskillende toepaslike bronne te gebruik;
  - organiseer inligting samehangend deur hoofgedagtes en toepaslike ondersteunende besonderhede en voorbeelde te kies;
  
- identifiseer en kies meesal gepaste woordeskat, taalstrukture en formate;
- berei 'n gepaste inleiding en slot voor;
- sluit gepaste visuele, oudio- en oudiovisuele hulpmiddels in soos kaarte, plakkate, foto's, skyfies, beelde, musiek, klank en elektroniese media.

## Graad 12



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- beplan en doen navorsing om mondelinge opdragte vlot aan te bied:
  - doen navorsing oor bekende onderwerpe deur 'n verskeidenheid toepaslike bronne te gebruik;
  - organiseer inligting samehangend deur hoofgedagtes en toepaslike ondersteunende besonderhede en voorbeelde te kies;
  
- identifiseer en kies gepaste woordeskat, taalstrukture, konvensies en formate;
- berei 'n effektiewe inleiding en slot voor;
- sluit gepaste visuele, oudio- en oudiovisuele hulpmiddels in soos kaarte, plakkate, foto's, skyfies, beelde, musiek, klank en elektroniese media.

## Graad 10



### Leeruitkoms 1 (Vervolg)

#### Luister en Praat

*Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.*



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon vaardighede in die luister na en lewer van mondelinge aanbiedings:
  - gebruik bekende retoriese middels soos vrae, pouses en herhalings;
  - gebruik toon, stemprojeksie, oogkontak, liggaamshouding en gebare korrek en reageer gepas;
  - spreek woorde meesal uit sonder om betekenis te verwring;
  - toon redelike begrip van mondelinge tekste deur notas te maak en/of deur oorvertelling;
  
- krities luister na en reageer ter verduideliking op eenvoudige vrae.

## Graad 11



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon vaardighede in die luister na en lewer van vloeiende mondelinge aanbiedings:
  - gebruik bekende retoriese middels soos retoriese vrae, pouses en herhalings;
  - gebruik toon, stemprojeksie, tempo, oogkontak, liggaamshouding en gebare korrek en reageer gepas;
  - spreek woorde meesal uit sonder om betekenis te verwring;
  - toon toenemende begrip van mondelinge tekste deur hoofgedagtes aan te teken soos deur notas, kontrolelyste, opsommings, en/of deur verduideliking en oorvertelling;
  - krities luister na en reageer ter verduideliking op bekende vrae.

## Graad 12



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon vaardighede in die luister na en lewer van vloeiende mondelinge aanbiedings:
  - gebruik bekende retoriese middels soos retoriese vrae, pouses en herhalings;
  - gebruik toon, stemprojeksie, tempo, oogkontak, liggaamshouding en gebare en reageer gepas;
  - spreek woorde uit sonder om betekenis te verwring;
  - toon begrip van mondelinge tekste deur hoof- en/of ondersteunende gedagtes aan te teken soos deur notas, kontrolelyste, opsommings, oorvertelling en verduideliking;
  - krities luister na en reageer ter verduideliking op verskillende direkte vrae.

## Graad 10



### Leeruitkoms 1 (Vervolg)

#### Luister en Praat

*Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.*



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon kritiese bewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies:
  - gebruik, met toenemende bewustheid, gepaste style en registers volgens doel, teikengroep en konteks;
  - verken die verskil tussen feite en menings;
  
  - lewer kommentaar op taalgebruik en probeer motiveer;
  - verken die verhouding tussen taal en kultuur;
  - herken en bevraagteken die opvallende gebruik van manipulerende taal soos in advertensies.

## Graad 11



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon kritiese bewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies:
  - gebruik gepaste style en registers volgens doel, teikengroep en konteks;
  - begin om te onderskei tussen feite en menings;
  - lewer kommentaar op taalgebruik en motiveer met bewyse;
  - herken die verhouding tussen taal en kultuur;
  - herken en bevraagteken die opvallende gebruik van gevoels- en manipulerende taal soos in propaganda en advertensies.

## Graad 12



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon kritiese bewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies:
  - gebruik gepaste style en registers volgens doel, teikengroep en konteks;
  - onderskei tussen feite en menings;
  - lewer kommentaar op taalgebruik en motiveer met bewyse;
  - herken die verhouding tussen taal en kultuur;
  - herken en bevraagteken die gebruik van gevoels- en manipulerende taal soos in propaganda en advertensies.

## Graad 10



### Leeruitkoms 2

#### Lees en Kyk

*Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.*



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering:
  - vra eenvoudige vrae ten einde voorspellings te kan maak;
  - vluglees bekende tekste om spesifieke inligting te identifiseer deur titels, inleidings, eerste paragrawe en temasinne van paragrawe te lees;
  - soeklees vir spesifieke inligting;
  - lees vlot en aandagtig volgens doel en opdrag;
  - som die hoofgedagtes van tekste alreeds verduidelik puntsgewys op;
  - lei die betekenis af van onbekende woorde en beelde in baie bekende kontekste deur kennis van grammatika, kontekstuele leidrade, klank, kleur en deur sintuie te gebruik;
  - herlees/kyk weer na en hersien tekste om begrip te bevorder.



## Graad 11



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering:
  - vra vrae ten einde voorspellings te kan maak;
  - vluglees bekende tekste om inligting te identifiseer deur titels, inleidings, eerste paragrawe en temasinne van paragrawe te lees;
  - soeklees vir spesifieke inligting;
  - lees vlot en aandagtig volgens doel en opdrag;
  - som die hoofgedagtes van bekende tekste op in sinne en/of puntsgewys;
  - lei die betekenis af van onbekende woorde en beelde in bekende kontekste deur kennis van grammatika, kontekstuele leidrade, klank, kleur, ontwerp en deur sintuie te gebruik;
  - herlees/kyk weer na en hersien tekste om begrip te bevorder.

## Graad 12



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering:
  - vra vrae ten einde voorspellings te kan maak;
  - vluglees tekste om inligting te identifiseer deur titels, inleidings, eerste paragrawe en temasinne van paragrawe te lees;
  - soeklees vir spesifieke inligting;
  - lees vlot en aandagtig volgens doel en opdrag;
  - som die hoofgedagtes van tekste op in paragraafvorm, sinne en/of puntsgewys;
  - lei die betekenis af van onbekende woorde en beelde in bekende kontekste deur kennis van grammatika, kontekstuele leidrade, klank, kleur, ontwerp en deur sintuie te gebruik;
  - herlees/kyk weer na en hersien tekste om begrip te bevorder.

## Graad 10



### Leeruitkoms 2 (Vervolg)

#### Lees en Kyk

*Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.*



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- verduidelik die betekenis van 'n verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en oudiovisuele tekste:
  - vind inligting en besonderhede in bekende tekste;
  - herken die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief;
  - verken die impak van figuurlike en retoriese middele op die betekenis van 'n teks soos metafoor, simbool, vergelyking en kontras;
  - verken die skrywer se gevolgtrekkings en vergelyk met eie;
  - interpreteer 'n geselekteerde verskeidenheid alledaagse grafiese tekste;
  - begin om persoonlike response op bekende tekste te gee.
- herken hoe taal en beelde in tekste waardes en houdings kan weerspieël en vorm:
  - herken dat tekste sosio-kulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings soos sienings oor geslag, magsverhoudings, menseregte en die omgewing oordra;
  - herken idees en temas.

## Graad 11



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- verduidelik die betekenis van 'n verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en oudiovisuele tekste:
  - vind inligting en besonderhede in tekste;
  - verduidelik die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief en gee enkele ondersteunende bewyse uit die teks;
  - verduidelik die impak van figuurlike en retoriese middele op die betekenis van 'n teks soos metafoor, simbool, vergelyking en kontras;
  - verduidelik die skrywer se gevolgtrekkings en vergelyk met eie;
  - interpreteer verskillende alledaagse grafiese tekste;
  - gee persoonlike response op tekste.
- verduidelik hoe taal en beelde in tekste waardes en houdings kan weerspieël en vorm:
  - verduidelik voor die hand liggende sosio-kulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings in bekende tekste soos sienings oor geslag, ouderdom, magsverhoudings, menseregte en die omgewing;
  - verduidelik idees en temas.

## Graad 12



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- verduidelik die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en oudiovisuele tekste:
  - vind inligting en besonderhede in tekste;
  - verduidelik die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief en gee enkele ondersteunende bewyse uit die teks;
  - verduidelik die impak van figuurlike en retoriese middele op die betekenis van 'n teks soos metafoor, simbool, vergelyking en kontras;
  - verduidelik die skrywer se gevolgtrekkings en vergelyk met eie;
  - interpreteer 'n verskeidenheid alledaagse grafiese tekste;
  - gee en motiveer persoonlike response op tekste.
- verduidelik hoe taal en beelde in tekste waardes en houdings kan weerspieël en vorm:
  - verduidelik sosio-kulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings in bekende tekste soos sienings oor geslag, klas, ouderdom, magsverhoudings, menseregte en die omgewing;
  - verduidelik idees en temas.

## Graad 10



### Leeruitkoms 2 (Vervolg)

#### Lees en Kyk

*Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.*



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- verken die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die lesers se interaksie met tekste geskep word (*hierdie kenmerke moet nooit in isolasie behandel word nie*):
  - \* transaksionele en kreatiewe tekste:
    - identifiseer en verduidelik die doel, struktuur en taalgebruik in bekende tekste soos oorvertelling, verduideliking, uiteensetting en beskrywing.
  - \* literêre tekste:
    - verken die ontwikkeling van intrige, subintrige en karakter;
    - verken boodskappe en temas;
    - verken die agtergrond en milieu (ruimte);
    - verken woordkeuse, beeldspraak en klank in eenvoudige tekste soos gedigte, liedere en stories;
    - herken, waar toepaslik, hoe rym, ritme en puntuasie betekenis skep en/of beïnvloed;
    - verken die gebruik van dialoog en handeling in tekste.
  - \* visuele, oudio- en multimediatekste:
    - verken die gebruik van basiese visuele, oudio- en oudiovisuele tegnieke soos die gebruik van kleur, byskrifte, dialoog, musiek, klank, beligting en kamerategnieke.

## Graad 11



## Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- verken die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word (*hierdie kenmerke moet nooit in isolasie behandel word nie*):
  - \* transaksionele en kreatiewe tekste:
    - identifiseer en verduidelik die doel, struktuur en taalgebruik in tekste soos verslag, oorvertelling, verduideliking, uiteensetting en beskrywing.
  - \* literêre tekste:
    - verduidelik die ontwikkeling van intrige, subintrige en karakter;
    - verken boodskappe en temas en bring dit in verband met die teks as geheel;
    - verduidelik hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met karakter en/of tema;
    - verken woordkeuse, beeldspraak en klank in tekste;
    - herken, waar toepaslik, dat rym, ritme en puntuasie betekenis skep;
    - verduidelik die gebruik van dialoog en handeling in tekste.
  - \* visuele, oudio- en multimediatekste:
    - verduidelik die impak van visuele, oudio- en oudiovisuele tegnieke soos die gebruik van kleur, byskrifte, dialoog, musiek, klank, beligting en kamerategnieke.

## Graad 12



## Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- verken die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word (*hierdie kenmerke moet nooit in isolasie behandel word nie*):
  - \* transaksionele en kreatiewe tekste:
    - identifiseer en verduidelik die doel, struktuur en taalgebruik in tekste soos verslag, oorvertelling, verduideliking, uiteensetting en beskrywing.
  - \* literêre tekste:
    - verduidelik die ontwikkeling van intrige, subintrige en karakter;
    - interpreteer boodskappe en temas en bring dit in verband met die teks as geheel;
    - verduidelik hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met karakter en/of tema;
    - interpreteer woordkeuse, beeldspraak en klank in tekste;
    - verduidelik, waar toepaslik, hoe rym, ritme en puntuasie betekenis skep en beïnvloed;
    - verduidelik die gebruik van dialoog en handeling in tekste.
  - \* visuele, oudio- en multimediatekste:
    - verduidelik die impak van visuele, oudio- en oudiovisuele tegnieke soos die gebruik van kleur, byskrifte, dialoog, musiek, klank, beligting en kamerategnieke.

## Graad 10



### Leeruitkoms 3

#### Skryf en Aanbied

*Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.*



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks:
  - verduidelik die vereistes van enkele bekende opdragte;
  - identifiseer die teikengroep en spesifieke doel soos vertel, verduidelik, inlig en beskryf;
  - identifiseer en verduidelik tekssoorte soos feitelike, kreatiewe, transaksionele en multimediatekste;
  - besluit op en gebruik die gepaste styl en formaat van bekende tekste;
- doen navorsing oor onderwerpe in bekende bronne en teken bevindings aan;
- vind, ontsluit, selekteer, organiseer en integreer toepaslike inligting van bekende bronne;
- ontwikkel en organiseer idees deur tegnieke soos kopkaarte, diagramme, vloiediagramme en kernwoordlyste te gebruik;
- gebruik sekere visuele en ontwerpelemente gepas.

## Graad 11



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks:
  - verduidelik die vereistes van 'n verskeidenheid bekende opdragte;
  - identifiseer die teikengroep en spesifieke doel soos vertel, verduidelik, inlig en beskryf;
  - identifiseer en verduidelik tekssoorte soos verbeeldings-, feitlike, kreatiewe, transaksionele en multimediatekste;
  - besluit op en gebruik meesal die gepaste styl en formaat van tekste;
- doen navorsing oor onderwerpe in 'n verskeidenheid bekende bronne en teken bevindings aan;
- vind, ontsluit, selekteer, organiseer en integreer toepaslike inligting van 'n verskeidenheid bronne;
- ontwikkel en organiseer idees deur tegnieke soos kopkaarte, diagramme, vloiediagramme en kernwoordlyste te gebruik;
- gebruik 'n aantal visuele en ontwerpelemente gepas.

## Graad 12



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks:
  - verduidelik die vereistes van 'n geselekteerde, verskeidenheid opdragte;
  - identifiseer die teikengroep en spesifieke doel soos vertel, verduidelik, inlig, beskryf en manipuleer;
  - identifiseer en verduidelik tekssoorte om te skep soos verbeeldings-, feitlike, transaksionele en multimediatekste;
  - besluit op en gebruik die gepaste styl, perspektief/standpunt en formaat van tekste en gebruik dit effektief;
  - doen navorsing oor onderwerpe in 'n verskeidenheid bronne en teken bevindings aan;
  - vind, ontsluit, selekteer, organiseer en integreer toepaslike inligting van 'n verskeidenheid bronne;
  - ontwikkel en organiseer idees samehangend deur tegnieke soos kopkaarte, diagramme, vloiediagramme en kernwoordlyste te gebruik;
  - gebruik 'n verskeidenheid visuele beelde en ontwerpelemente gepas.



### Leeruitkoms 3 (Vervolg)

#### Skryf en Aanbied

*Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.*



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon die gebruik van skryfstrategieë en -tegnieke vir eerste weergawes:
  - gebruik hoof- en ondersteunende idees van die beplanningsproses;
  - identifiseer en gebruik, gepaste figuurlike taal, woorde, beskrywing, kleur, plasing en klank;
  - gebruik sinsoorte, sinslengtes en -strukture gepas;
  - gebruik paragraafkonvensies om samehang (koherensie) te verbeter soos kernsinne, inleiding en afsluiting gepas te gebruik;
  - gebruik voegwoorde, voornaamwoorde en bywoorde om kohesie te verseker.



## Graad 11



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon die gebruik van skryfstrategieë en -tegnieke vir eerste weergawes:
  - gebruik hoof- en ondersteunende idees van die beplanningsproses;
  - identifiseer en gebruik, gepaste figuurlike taal, woorde, beskrywing, kleur, plasing en klank;
  - gebruik 'n verskeidenheid sinsoorte, sinslengtes en -strukture gepas;
  - gebruik paragraafkonvensies om samehang (koherensie) te verbeter soos kernsinne, inleiding en afsluiting gepas te gebruik;
  - gebruik voegwoorde, voornaamwoorde en bywoorde om kohesie te verseker.

## Graad 12



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- toon die gebruik van skryfstrategieë en -tegnieke vir eerste weergawes:
  - gebruik hoof- en ondersteunende idees van die beplanningsproses effektief;
  - identifiseer en gebruik gepaste figuurlike taal, woordkeuse, lewendige beskrywing, kleur, plasing en klank;
  - gebruik 'n wye verskeidenheid sinsoorte, sinslengtes en -strukture gepas;
  - gebruik paragraafkonvensies om samehang (koherensie) te verbeter soos kernsinne, inleiding en afsluiting en 'n logiese progressie van paragrawe gepas te gebruik;
  - gebruik voegwoorde, voornaamwoorde en bywoorde om kohesie te verseker.



### Leeruitkoms 3 (Vervolg)

#### Skryf en Aanbied

*Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.*



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- dink na, met inagneming van ander se sienings, oor eie werk en bied die finale produk aan:
  - gebruik vasgestelde kriteria om oor eie en ander se skryfwerk na te dink;
  - verbeter samehang (koherensie) en kohesie binne die algehele struktuur;
  - besluit oor die gepastheid van inhoud, styl, register en effekte volgens doel, teikengroep en konteks;
  - toon 'n volgehoue eie perspektief en/of standpunt;
  - hersien en verbeter woordkeuse, sin- en paragraafstrukture en vermy opvallende foute en aanstootlike taal;
  - toon ontwikkelende sensitiwiteit vir menseregte en vir sosiale, kulturele, etiese en omgewingskwessies;
  - berei finale weergawe voor deur te proeflees en te redigeer;
  - bied die finale produk aan en gee aandag aan 'n gepaste aanbiedingswyse soos 'n netjiese afgeronde teks of 'n indrukwekkende, kleurvolle plakkaat.

## Graad 11



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- dink na, met inagneming van ander se sienings, oor eie werk en bied die finale produk aan:
  - gebruik vasgestelde kriteria om oor eie en ander se skryfwerk na te dink;
  - verbeter samehang (koherensie) en kohesie binne die algehele struktuur;
  - besluit oor die gepastheid van inhoud, styl, register en effekte volgens doel, teikengroep en konteks;
  - toon 'n volgehoue eie perspektief en/of standpunt met toenemende selfvertroue;
  - hersien en verbeter woordkeuse, sin- en paragraafstrukture en vermy opvallende foute en aanstootlike taal;
  - toon sensitiwiteit vir menseregte en vir sosiale, kulturele, etiese en omgewingskwessies;
  - berei finale weergawe voor deur te proeflees en te redigeer;
  - bied die finale produk aan en gee aandag aan 'n gepaste aanbiedingswyse soos 'n netjiese afgeronde teks of 'n indrukwekkende, kleurvolle plakkaat.

## Graad 12



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- dink na, met inagneming van ander se sienings, oor eie werk en bied die finale produk aan:
  - gebruik vasgestelde kriteria om oor eie en ander se skryfwerk na te dink;
  - verbeter samehang (koherensie) en kohesie binne die algehele struktuur;
  - besluit oor die gepastheid van inhoud, styl, register en effekte volgens doel, teikengroep en konteks;
  - toon 'n volgehoue eie perspektief en/of standpunt met selfvertroue;
  - hersien en verbeter woordkeuse, sin- en paragraafstrukture en vermy opvallende foute en aanstootlike taal;
  - toon sensitiwiteit vir menseregte en vir sosiale, kulturele, etiese en omgewingskwessies;
  - berei finale weergawe voor deur te proeflees en te redigeer;
  - bied die finale produk aan en gee aandag aan 'n gepaste aanbiedingswyse soos 'n netjiese afgeronde teks of 'n indrukwekkende, kleurvolle plakkaat.

## Graad 10



### Leeruitkoms 4

#### Taal

*Die leerder is in staat om taalstrukture en -konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.*



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- identifiseer en verduidelik die betekenis van woorde en gebruik dit korrek in 'n verskeidenheid tekste:
  - spel die mees alledaagse woorde korrek;
  - skep 'n persoonlike spellys;
  - gebruik geselekteerde, alledaagse afkortings korrek;
  - gebruik woordeboeke en 'n tesourus vir die naslaan van betekenis van woorde;
  - gebruik enkele komplekse (basisvorm/stam en voor- en/of agtervoegsels) samestellings;
  
- verken geslags-, meervoud- en verkleiningsvorms;
  
- verken trappe van vergelyking en intensiewe vorme;
- verken hoe woorde gevorm word deur voor- en agtervoegsels te gebruik;
  
- herken polisemie, gebruik alledaagse homonieme, homofone, sinonieme, antonieme en een woord vir 'n omskrywing.

## Graad 11



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- identifiseer en verduidelik die betekenis van woorde en gebruik dit korrek in 'n verskeidenheid tekste:
  - spel alledaagse woorde korrek;
  - skep 'n persoonlike spellys;
  - gebruik geselekteerde, alledaagse afkortings korrek;
  - gebruik woordeboeke en 'n tesourus vir die naslaan van betekenis van woorde;
  - gebruik enkele komplekse (basisvorm/stam en voor- en/of agtervoegsels) samestellings toenemend korrek;
  - gebruik geslags-, meervoud- en verkleiningsvorms toenemend korrek;
- gebruik trappe van vergelyking en intensiewe vorme korrek;
- verken hoe woorde gevorm word deur voor- en agtervoegsels te gebruik;
- herken polisemie, gebruik toenemend meer homonieme en homofone, ander woorde wat algemeen verwar word, sinonieme, antonieme en een woord vir 'n omskrywing gepas.

## Graad 12



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- identifiseer en verduidelik die betekenis van woorde en gebruik dit korrek in 'n verskeidenheid tekste:
  - spel en gebruik alledaagse woorde korrek;
  - skep 'n persoonlike spellys;
  - gebruik alledaagse afkortings korrek;
- gebruik woordeboeke en 'n tesourus vir die naslaan van betekenis van woorde;
- gebruik enkele komplekse (basisvorm/stam en voor- en/of agtervoegsels) samestellings korrek;
- gebruik geslags-, meervoud- (ook enkele dubbele meervoude) en verkleiningsvorms korrek;
- gebruik trappe van vergelyking en intensiewe vorme korrek;
- vorm woorde (afleidings) korrek deur voor- en agtervoegsels korrek en betekenisvol te gebruik;
- herken polisemie, gebruik verskeie homonieme en homofone, ander woorde wat algemeen verwar word, sinonieme, antonieme en een woord vir 'n omskrywing korrek.

## Graad 10



### Leeruitkoms 4 (Vervolg)

#### Taal

*Die leerder is in staat om taalstrukture en -konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.*



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- gebruik goed gestruktureerde sinne betekenisvol en funksioneel:
  - gebruik selfstandige, koppel- en hulpwerkwoorde;
  - gebruik voltooide en onvoltooide deelwoorde, ook in vaste verbindings, korrek en gepas;
  - gebruik tyd soos teenwoordig, verlede en toekomstend en infinitief korrek en gepas;
  - gebruik determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde) en voorsetsels toenemend akkuraat;
  - verken en gebruik persoonlike, betreklike, besitlike en vraende voornaamwoorde;
  - verken en gebruik selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde/adjektiewe en bywoorde;
  - gebruik sinsdele soos onderwerp, voorwerp en gesegde toenemend akkuraat;
  - gebruik enkelvoudige sinne korrek en begin die uitbreiding van sinne met bepalings, sinsnedes en bysinne (bywoordelik en byvoeglik) te verken;
  - verken en gebruik verskillende sinsoorte soos stel-, bevel- en vraagsinne, asook instruksies;
  - verken woordorde deur verbindingswoorde soos voegwoorde korrek in sinne te gebruik;
  - gebruik die passief/lydende vorm en die aktief/bedrywende vorm met toenemende selfvertroue;

## Graad 11



## Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- gebruik goed gestruktureerde sinne betekenisvol en funksioneel:
  - gebruik selfstandige, koppel- en hulpwerkwoorde;
  - gebruik voltooide en onvoltooide deelwoorde, ook in vaste verbindings, korrek en gepas;
  - gebruik tyd soos teenwoordig, verlede en toekomend en infinitief korrek en gepas;
  - gebruik determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde), voorsetsels (in vaste en vrye verbindings), telwoorde en tussenwerpsels korrek;
  - gebruik persoonlike, betreklike, besitlike en vraende voornaamwoorde toenemend korrek;
  - gebruik selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde/adjektiewe en bywoorde toenemend korrek;
  - gebruik sinsdele soos onderwerp, voorwerp en gesegde korrek;
  - gebruik enkelvoudige sinne korrek en gebruik bepalinge, sinsnedes en bysinne (bywoordelik en byvoeglik) om veelvoudige en saamgestelde sinne korrek en betekenisvol te vorm;
  - herken en gebruik verskillende sinsoorte soos stel-, bevel-, vraag- en uitroepsinne, asook instruksies;
  - gebruik korrekte woordorde deur verbindingswoorde soos voegwoorde en voornaamwoorde te gebruik;
  - gebruik die passief/lydende vorm en die aktief/bedrywende vorm gepas vir 'n spesifieke doel;

## Graad 12



## Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- gebruik goed gestruktureerde sinne betekenisvol en funksioneel:
  - gebruik selfstandige, koppel- en hulpwerkwoorde;
  - gebruik voltooide en onvoltooide deelwoorde, ook in vaste verbindings, korrek en gepas;
  - gebruik tyd soos teenwoordig, verlede en toekomend en infinitief korrek en gepas;
  - gebruik determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde), voorsetsels (in vaste en vrye verbindings), telwoorde en tussenwerpsels korrek;
  - gebruik persoonlike, betreklike, besitlike en vraende voornaamwoorde korrek;
  - gebruik selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde/adjektiewe en bywoorde (ook in alledaagse vaste uitdrukkings) korrek;
  - gebruik sinsdele soos onderwerp, voorwerp en gesegde korrek;
  - gebruik enkelvoudige sinne, asook bepalinge, sinsnedes en bysinne (bywoordelik en byvoeglik) doeltreffend om komplekse en saamgestelde sinne korrek en betekenisvol te vorm;
  - herken en gebruik verskillende sinsoorte soos stel-, bevel-, vraag- en uitroepsinne, asook instruksies;
  - gebruik korrekte woordorde deur verbindingswoorde soos voegwoorde en voornaamwoorde te gebruik;
  - gebruik die passief/lydende vorm en die aktief/bedrywende vorm gepas volgens doel en begryp dat vorm betekenis kan verander;



### Leeruitkoms 4 (Vervolg)

#### Taal

*Die leerder is in staat om taalstrukture en -konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.*



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- verken en gebruik die direkte en indirekte rede;
- verken en gebruik ontkennde vorms;
- gebruik puntuasie meesal korrek en vir verskillende doeleindes soos om betekenis te verduidelik, grammatikale verband te toon en vir beklemtoning;
- verken die gebruik van figuurlike taal soos idiome, idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde;
- vertaal kort sinne van teikentaal na huistaal en omgekeerd.



## Graad 11



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- gebruik die direkte en indirekte rede korrek;
- gebruik ontkennende vorms toenemend korrek;
- gebruik puntuasie korrek en vir 'n verskeidenheid doeleindes soos om betekenis te verduidelik, grammatikale verband te toon en vir beklemtoning;
- gebruik figuurlike taal soos idiome, idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde gepas;
- vertaal sinne van teikentaal na huistaal en omgekeerd.

## Graad 12



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- gebruik die direkte en indirekte rede korrek en vir verlangde effek;
- gebruik ontkennende vorms korrek en op verskillende maniere;
- gebruik puntuasie korrek en vir 'n verskeidenheid doeleindes soos om betekenis te verduidelik, grammatikale verband te toon en vir beklemtoning;
- gebruik figuurlike taal soos idiome, idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde gepas;
- vertaal kort paragrawe van teikentaal na huistaal en omgekeerd.



### Leeruitkoms 4 (Vervolg)

#### Taal

*Die leerder is in staat om taalstrukture en -konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.*



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- ontwikkel kritiese taalbewustheid:
  - verken en gebruik verskillende konnotasies van woorde;
  - verken hoe woorde in verskillende kontekste en boodskappe die spreker/ontvanger/leser/kyker onwillekeurig sekere perspektiewe laat deel (posisioneer);
  - verken opvallende gevoels-, oorredings- en manipulerende taal en bevraagteken onsensitiewe taal.

## Graad 11



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- ontwikkel kritiese taalbewustheid:
  - verstaan en gebruik verskillende konnotasies van woorde;
  - verken hoe verborge boodskappe in taal die spreker/ontvanger/leser/kyker onwillekeurig sekere perspektiewe laat deel (posisioneer);
  - identifiseer en bevraagteken gevoels-, oorredings-, manipulerende en onsensitiewe taal.

## Graad 12



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

- ontwikkel kritiese taalbewustheid:
  - verduidelik en gebruik woorde met verskillende konnotasies;
  - verduidelik hoe verborge boodskappe in taal die spreker/ontvanger/leser/kyker onwillekeurig sekere perspektiewe laat deel (posisioneer);
  - identifiseer en bevraagteken partydigheid, stereotipering, gevoels-, oorredings-, manipulerende en onsensitiewe taal.



## INHOUD EN KONTEKSTE VIR DIE BEREIKING VAN ASSESSERINGSTANDAARDE

Hierdie afdeling bevat inhoud en kontekste wat die bereiking van die Assesseringstandaarde steun. Die inhoud waarna verwys word, behoort op 'n wyse aangewend te word dat dit leerders se vordering steun om die Leeruitkomste te bereik. Inhoud moet die Leeruitkomste steun en nie 'n doel op sigself wees nie. Die voorgestelde kontekste bied inhoud wat betekenisvolle situasies vir die leerders skep en so leer en onderrig steun. Die onderwyser behoort bewus te wees van plaaslike kontekste en wat nie noodwendig hier aangedui word nie. Hierdie kontekste kan dalk meer aansluit by leerders se ervarings. Indien die inhoud en kontekste bydra tot die bereiking van Assesseringstandaarde, behoort dit as 'n raamwerk vir die ontwikkeling van Leerprogramme te dien. Die Riglyne vir Leerprogramme verskaf meer inligting hieroor.

### Die gebruik van tekste vir die onderrig van taal

Die woord 'teks' in die Nasionale Kurrikulumverklaring vir Tale het 'n omvattende betekenis toevoeging en sluit in alle mondelinge, skriftelike, visuele, oudio-, oudiovisuele en multimediaformate. In enige taalonderrigsituasie kan tekste as die vertrekpunt vir onderrig en leer gebruik word, en uiteindelik sal sekere tekssoorte as die produk van die onderrigproses aangebied word. Die toepaslike Assesseringstandaarde toon progressie deur tekste te produseer wat vanaf graad 10 geleidelik meer ingewikkeld raak tot graad 12. Tekste – sowel eenvoudige as komplekse – vorm derhalwe die grondslag van progressie in alle tale.

Tekste is dus die hoofbron van die 'inhoud' en 'konteks' vir die kommunikatiewe, geïntegreerde leer en onderrig in tale.

Die verskeidenheid tekste wat gebruik en geproduseer word, behoort leerders aan die volgende bloot te stel:

- ryk en gepaste sosiale, kulturele en geskiedkundige ruimtes wat begrip van die taal se erfenis ontwikkel;
- uitdagende en prikkelende temas wat 'n kritiese begrip van waardes en waardering vir belangrike sosio-kulturele en etiese kwessies van belang vir Suid-Afrikaanse leerders ontwikkel;
- 'n wye verskeidenheid perspektiewe;
- modelle van skriftelike en gesproke taal wat 'n wye verskeidenheid taalstrukture toon om die leerders te help om sodoende taal korrek en doeltreffend te gebruik;
- die ontleding van stereotipes, partydigheid en veralgemenings om kritiese denke te ontwikkel;
- oorredende en manipulerende taal;
- die verhouding tussen taal en mag en die magsverhouding tussen tale;
- die ontwikkeling van 'n bewustheid van teikengroep, doel en konteks met inagneming van gepaste en gevarieerde atmosfeer, toon en register;
- kenmerke en strukturelemente van 'n wye verskeidenheid tekste, insluitend literêre tekste;
- visuele, oudio- en oudiovisuele tekste, insluitend film, en tekste wat beelde en skrif en ander maniere van kommunikasie in die ontwerp daarvan bevat; en
- gevarieerde styl en stilistiese middels soos 'n wye verskeidenheid figuurlike en kreatiewe taalgebruik en taalidroom.

Sowel die **teksgebaseerde** as die **kommunikatiewe benaderings** is deurlopend van die gebruik en skep van tekste afhanklik.

'n **Teksgebaseerde benadering** verken hoe tekste werk. Die doel van 'n teksgebaseerde benadering is om leerders in staat te stel om vaardige, vrymoedige en kritiese lesers, skrywers en ontwerpers van en kykers na tekste te word. Dit sluit die luister en kyk na, en lees en ontleding van tekste in om te verstaan hoe dit saamgestel is en watter effek dit het. Deur hierdie kritiese interaksie ontwikkel leerders die vermoë om tekste te evalueer. Die teksgebaseerde benadering sluit ook die produsering in van verskillende tekste vir spesifieke doelstellings en teikengroepe. 'n Begrip van die manier waarop tekste saamgestel word, rugsteun hierdie benadering.

Die **kommunikatiewe benadering** beteken dat 'n leerder baie en ryk blootstelling aan die taal moet kry. Om dit te bereik, moet leerders vele geleenthede gebied word om taalgebruik te oefen en te produseer deur te kommunikeer vir byvoorbeeld sosiale en praktiese doeleindes. Die leerproses behoort op 'n natuurlike en informele wyse oorgedra te word na die klaskamer waar geletterheidsvaardighede soos lees/kyk en skryf/aanbied op 'n 'natuurlike' wyse geleer word – leerders se lees en skryf word juis verbeter en ontwikkel deur die gereelde geïntegreerde inoefening en toepassing daarvan en terugvoer daarop.

### 'n Begrip van die samestelling van tekste

Tekste word in spesifieke kontekste geskep met geïdentifiseerde doelstellings en teikengroepe in gedagte. Verskillende kategorieë van tekste het eiesoortige funksies en volg besondere konvensies in terme van struktuur, styl, register, grammatika, woordeskat en inhoud. So 'n kategorie word 'n *genre* genoem. Leerders moet in staat wees om 'n verskeidenheid genres te begryp en te produseer.

Tekste weerspieël ook die verskillende kulturele en politieke kontekste waarin dit geskep word. Die taalgebruik in tekste kan boodskappe rakende kulturele waardes en politieke standpunte bevat van die skrywer of skepper daarvan. Tekste is derhalwe nie neutraal nie. Leerders moet in staat wees om die waardes en houdings in tekste te interpreteer en hul eie response daarop te gee.

In 'n teksgebaseerde benadering word taalgebruik altyd in die konteks van tekste verken en tekste word in verhouding tot hulle kontekste verken. Die benadering wy wel aandag aan die formele aspekte van taal (grammatika en woordeskat). Laasgenoemde aspekte behoort as keuses in terme van hulle invloed op die funksie en betekenis van die teksaanbod gehanteer te word; grammatika en woordeskat moet dus nie in isolasie onderrig word nie. Om oor tekste te kan praat, behoort leerders oor 'n 'metataal' te beskik – leerders moet oor die terminologie beskik om verskillende aspekte van grammatika, woordeskat en styl te beskryf en om oor verskillende genres te praat.

Tekste kan gekategoriseer word as **gebruikte tekste** en **geproduseerde tekste**. Hierdie twee kategorieë word in die onderstaande lysie uiteengesit. Die lysie kan nie alle moontlike tekssoorte insluit nie – die onderwyser kan ander tekssoorte byvoeg indien dit vir geïntegreerde, kommunikatiewe taalonderrig benut kan word. Die doel van die lysie is om 'n wye keuse van tekste wat gebruik en geproduseer kan word, te gee. Besonderhede van vereistes rakende die kompleksiteit en die toepaslike register van tekste, word in die Riglyne vir Leerprogramme vervat.

<b>TEKSTE OM TE GEBRUIK TYDENS DIE GEINTEGREERDE ONDERRIG VAN HUISTAAL GRAAD 10 – 12</b>		
<p><b>Literêre tekste:</b>            Biografie            Drama            Essay            Filmstudie            Kortverhale            Outobiografie            Poësie            Roman            Volksvertelling (Folklore)</p>		
<p><b>Verdere genres wat in grade 10 tot 12 behandel word, sluit in transaksionele, naslaan-, kreatiewe, visuele, audio-, audiovisuele en multimediatekste.</b>            'n Wye keuse van tekste moet oor 'n periode van drie jaar in geïntegreerde onderrig gebruik word.</p>		
<p><b>Transaksionele tekste:</b>            Advertensies            Agendas en notules            Briewe (formeel en informeel)            Brosjures            Dagboekinskrywings            Dialoë (geskrewe)            E-pos boodskappe            Fakse, telegramme            Huldeblyke            Kennisgewings            Memoranda            Notas, luisteraantekeninge            Pamflette            Plakkate            Redaksionele kommentaar            Resensies            Rubrieke            Strooibiljette            Tydskrif- en koerantartikels            Uitnodigings            Verslae (formeel en informeel)            Vorms</p>	<p><b>Naslaantekste:</b>            Ensiklopedieë            Skedules            Teksboeke            Tesourus            TV- en telefoongidse            Tydroosters            Woordeboeke</p> <p><b>Kreatiewe tekste:</b>            Dagboekinskrywings            Dialoë            Dramatisering            Grappe            Kreatiewe tekste deur leerders            geskryf            Liedere (ook volksliedere)            Literêre tekste            Mites, legendes, fabels            Raaisels            Stories, verhale            Toesprake            Volksvertellings (folklore)</p>	<p><b>Visuele, audio-, audiovisuele en multimediatekste:</b>            Advertensies            Dramas            Foto's, illustrasies            Grafieke, diagramme, tabelle            Graffiti            Grappe (geïllustreer), spotprente            Gravering            Kaarte            Musiekvideo's            Skyfies, skyfievertoning            Slagspreuke, leuses            Strokiesprente en -verhale            Tekens, simbole            Transparante            TV- en radioprogramme en            -dokumentêre            Voorlesings</p>

<b>TEKSTE OM TE PRODUSEER TYDENS DIE GEINTEGREERDE ONDERRIG VAN HUISTAAL</b> <b>GRADE 10 – 12</b> <b>(’n Seleksie van tekste wat in grade 10 tot 12 geproduseer behoort te word.)</b>	
<p><b>Transaksionele tekste:</b>                      Advertensies                      Agendas en notules                      Brosjures                      Curriculum Vitae                      Dialoë                      E-pos boodskappe                      Fakse                      Formele briewe: aansoek, versoek, klage, simpatie, uitnodiging, bedanking, gelukwensing, sakebrief                      Formele en informele briewe aan die pers                      Huldeblyke                      Koerantberigte                      Kort teksboodskappe (SMS)                      Memoranda                      Pamflette                      Poskaarte                      Redaksionele kommentaar                      Resensies                      Rubrieke                      Tydskrif- en koerantartikels                      Uitnodigings                      Verslae (formeel en informeel)                      Vorms (invul)                      Vriendskaplike briewe</p>	<p><b>Kreatiewe tekste:</b>                      Opstelle: verhalend, beskrywend, bespiegeld, argumenterend, feitlik en beredenerend                      Response op letterkunde</p> <p><b>Naslaan- en informatiewe tekste:</b>                      Aanwysings                      Instruksies                      Kopkaarte, vloedigramme                      Navorsingsopdragte                      Notas, luisteraantekeninge                      Opsommings                      Parafrases                      Woordeboekinskrywings</p> <p><b>Mondelinge, visuele, en multimediatekste:</b>                      Aanbiedings met grafiese en/of klankeffekte                      Advertensies                      Dialoë                      Formele en informele toesprake                      Navorsingsprojekte                      Onderhoude                      Plakkate                      Slagspreuke, leuses                      Strooibiljette</p>
<p><b>Nie-verpligte tekste vir verryking:</b> dramatisering, storievertelling, radio- en televisie- en televisiedramas, paneelbesprekings, eie kortverhale/gedigte/toneelstukke, strokiesprente, strokiesverhale, grappe, tekens, ens.</p>	



## HOOFSTUK 4

# ASSESSERING

### INLEIDING

Assessering vorm 'n kritieke en integrale deel van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen). Assessering is 'n deurlopende en beplande proses van die versamel en interpreteer van bewyse om leerdervordering te bepaal en -prestasië te beoordeel. Bewyse kan op verskillende stadiums van die leerproses versamel word deur 'n verskeidenheid gepaste assesseringstrategieë, -metodes, -instrumente en -media te gebruik.

Om te verseker dat assesseringsresultate toeganklik is en later vir verskillende doeleindes aangewend kan word, is verslaghouding van resultate noodsaaklik. In Uitkomsgebaseerde Onderwys bestaan verskeie benaderings ten opsigte van die wyse waarop leerderprestasië opgeteken kan word. Sekere van hierdie benaderings word in hierdie hoofstuk bespreek. Ander word breedvoerig in die Riglyne vir Leerprogramme vir die spesifieke vak uiteengesit.

Verskeie persone en instansies het belang by leerderprestasië in grade 10 – 12. Dit sluit in leerders, onderwysers, ouers, voogde, donateurs, die Provinsiale Departemente van Onderwys, die Departement van Onderwys (Nasionaal), die Ministerie van Onderwys, werkgewers en Hoër-Onderwys-en-Opleidingsinstellings. Dit is derhalwe nodig om die proses van verslaglewering oor leerders se algehele prestasië, en die maak van afleidings oor leerders se bevoegdhede, toeganklik te maak. Verslag kan op verskeie maniere gelewer word. Die dokumente Riglyne vir Leerprogramme en Riglyne vir Assessering sit die verskillende maniere uiteen waarop verslae vir skoolgebaseerde en eksterne assessering gehou en gelewer kan word, asook vakspesifieke riglyne vir assesseringskwessies.

### WAAROM ASSESSEER

Voordat 'n onderwyser begin met assessering, is dit noodsaaklik om duidelike doelstellings daarvoor te bepaal. Volgens die doelstellings kan die onderwyser dan gepaste assesseringsmetodes kies, sodat hy/sy regverdige, geldige en betroubare besluite kan neem en gevolgtrekkings kan maak oor leerderprestasië.

Daar is verskeie redes waarom leerderprestasië geassesseer word. Die doelstellings van assessering kan byvoorbeeld wees om leerders se vordering te monitor, terugvoering te gee, leerstruikelblokke te diagnoseer en te remedieer, ondersteuning en hulpverlening vir leer te bied, en vir sertifiserings- en bevorderingsdoeleindes.

In hierdie kurrikulum kan leer en assesseer nie geskei word nie. Assessering help leerders om die waarde van hul leerproses te bepaal. Dit verskaf inligting aan die leerders oor hul eie vordering en stel hulle in staat om beheer van en besluite oor hulle eie leer te neem. In hierdie opsig verskaf assessering inligting omtrent die

geslaagdheid van onderrig en leer in die bereiking van die Leeruitkomste. Indien die assessering toon dat geen progressie plaasvind nie, behoort remediëring plaas te vind en planne vir onderrig en leer dienooreenkomstig aangepas te word.

## SOORTE ASSESSERING

In hierdie afdeling word die volgende soorte assessering bespreek:

- grondlynassessering;
- diagnostiese assessering;
- formatiewe assessering; en
- sommerende assessering.

### Grondlynassessering

Grondlynassessering is belangrik aan die begin van 'n graad, maar kan ook aan die begin van enige leersiklus gebruik word om vas te stel wat leerders reeds weet en kan doen. Dit stel onderwysers in staat om leeraktiwiteite te beplan en Leerprogramme te ontwerp. Hierdie soort assessering se resultate word gewoonlik informeel opgeteken.

### Diagnostiese assessering

Enige soort assessering kan vir diagnostiese redes gebruik word, dit wil sê om die aard en oorsaak of oorsake van 'n leerstruikelblok vas te stel wat 'n leerder ervaar. Dit stel die onderwyser in staat om vas te stel watter leer nie plaasgevind het nie om sodoende gepaste ondersteuningstrategieë te beplan vir tussentrede, leiding, remediëring of 'n verwysing na 'n kundige. Dit kan vir die onderwyser dien as 'n kontrolepunt om die doelstellings van Leerprogramme te herdefinieer.

### Formatiewe assessering

Enige soort assessering wat op terugvoering aan 'n leerder gerig is, het 'n formatiewe doel. Formatiewe assessering is 'n kerndeel van onderrig en leer. Dit monitor en ondersteun die leerproses. Alle belangegroepes maak van hierdie soort assessering gebruik om inligting oor 'n leerder se vordering en prestasie te bekom. Konstruktiewe terugvoering is 'n kardinale komponent van formatiewe assessering.

## Sommerende assessering

Wanneer onderwysers assessering gebruik om verslag te hou van hulle beoordeling van leerders se bevoegdhe en prestasies, het assessering 'n sommerende doel. Sommerende assessering gee 'n geheelbeeld van 'n leerder se vordering of stand van kennis en vaardighede op enige spesifieke tydstip. Dit kan plaasvind aan die einde van enige tydsverloop soos 'n leeraktiwiteit, leereenheid, leersiklus, kwartaal, semester of teen die einde van die jaar. Sommerende assessering moet noukeurig beplan word. 'n Verskeidenheid assesseringsinstrumente en -strategieë behoort gebruik te word om leerders in staat te stel om hul bevoegdhe te demonstreer.

## WAT MET ASSESSERING BEOOG WORD

Assessering behoort die volgende kenmerke te hê:

- duidelikheid vir die leerder en die wyer publiek;
- duidelike fokus;
- integrasie met onderrig en leer;
- gebaseer op die voorafbepaalde kriteria of Assesseringstandaarde;
- uitgebreide geleenthe vir leerders om hulle bevoegdhe te bewys;
- aanpassing by die tempo van die leerder;
- billikheid, betroubaarheid en geldigheid;
- buigsaamheid;
- gebruik van 'n verskeidenheid instrumente; en
- gebruik van 'n verskeidenheid metodes.

## HOE GEASSESEER WORD

Onderwysers se assessering van leerderprestasies moet betroubaar wees. Alle inligting wat onderwysers oor leerders se bevoegdhe op verskillende maniere en tye insamel en assessee, behoort dieselfde resultate op te lewer. Beoordeling van prestasies behoort ook geldigheid te verseker, met ander woorde daar behoort 'n duidelike verband te bestaan tussen bewyse wat ingesamel is en die aspekte wat onderrig is.

Omdat elke assesseringsaktiwiteit of -taak op sigself nie volledig aan die vereistes van betroubaarheid en geldigheid kan voldoen nie, behoort die onderwyser 'n leerder se vordering en prestasie deurlopend te assessee. Dit is die beginsel waarop Deurlopende Assessering (DAS) gebaseer is. Deurlopende assessering is 'n assesseringstrategie waarvolgens besluite oor leer gebaseer word op verskillende assesseringsaktiwiteite en -gebeurlikhede en wat op verskillende tye van die leerder se vordering en leerproses plaasvind. Deurlopende assessering maak voorsiening vir 'n verskeidenheid assesseringsaktiwiteite wat oor 'n jaar versprei word. Dit sluit aktiwiteite in soos toetse, eksamens, projekte, opdragte en take. Mondelinge, skriftelike en praktiese assessering is hierby ingesluit. Verskillende uitgesoekte werkstukke wat leerders as produkte van hul leerproses aanbied en wat oor 'n tydperk versamel is, kan in portefeuljes gehou word. Portefeuljes sal verskil van vak tot

vak en aan verskillende vakvereistes voldoen. Hierdie vereistes word breedvoerig in die spesifieke vak se Riglyne vir Leerprogramme uiteengesit.

Deurlopende assessering is klaskamer- en skoolgebaseerd en fokus voortdurend op maniere waarop geïntegreerde assessering in die onderrig- en leerproses kan plaasvind. Dit beteken dat etlike verwante Assesseringstandaarde in 'n enkele aktiwiteit gebruik kan word en dat verskillende assesseringsmetodes (soos portefeuljes en praktiese werk), tegnieke (soos vraagstelling en waarneming) en instrumente (soos werkblaaie en take) gekombineer word vir assessering. Ook beteken dit dat die onderwyser deur vraagstelling, waarneming en interaksie met leerders, hulle van dag tot dag beter sal leer ken en hul bevoegdhede sodoende billik beoordeel.

Deurlopende assessering behoort toegepas te word op komponente van die kurrikulum wat die beste geassesseer word deur middel van sowel skriftelike toetse en opdragte, as ander metodes soos die lewering van praktiese of mondelinge bewyse.

## ASSESSERINGSMETODES

### Selfassessering

Leeruitkomste en Assesseringstandaarde is deursigtig en toeganklik vir leerders. Leerders kan dus sinvol by die assesseringsproses betrek word deur selfassessering, soos deur eie werk te 'pre-assesseer' voor die finale assessering van die onderwyser. Besinning oor eie leer is 'n kernkomponent van die leerproses.

### Portuurassessering

Portuurassessering met behulp van 'n taak- of kontrolelys of rubriek, dra by tot die leerproses. Dit ondersteun die leerproses van leerders wie se werk geassesseer word, en dié van leerders wat assessee. Die gedeelde kennis van assesseringskriteria bemagtig leerders om eie en ander se prestasies te evalueer.

### Groepassesering

Die vermoë om doeltreffend in groepverband te werk, is een van die Kritieke Uitkomste. Die assessering van groepwerk veronderstel ook die bewyslewering van doeltreffende samewerking, hulpverlening, werksverdeling en die konsolidering van individuele bydraes tot 'n enkele assesseebare produk. Groepassesering fokus op proses én produk. Dit sluit in die assessering van sosiale vaardighede, tydshantering, benutting van hulpbronne, die hantering van groepdinamika, asook die vermoë van die groep om uiteindelik 'n produk te lewer.

## METODES VIR DIE INSAMELING VAN ASSESSERINGSBEWYSE

Verskillende metodes kan gebruik word om inligting oor leerderprestasie in te samel. Voorbeelde van die assesseringsmetodes word vervolgens bespreek.

### Waarnemingsgebaseerde assessering

Hierdie assesseringsmetode neig om minder formeel en gestruktureer te wees. Verskillende soorte bewyse van verskeie leerders kan op verskillende tye ingesamel word. Hierdie soort assessering is dikwels gebaseer op take wat van leerders vereis om met mekaar in interaksie te tree met die doel om 'n probleem op te los of om 'n produk aan te bied. Waarnemings moet intensioneel en nie lukraak geskied nie, met ander woorde die onderwyser behoort te weet wat hy/sy op 'n bepaalde tydstip wil assesseer en die leerders behoort daarvoor ingelig te word. Dit behoort opgeteken te word, of die bewyse kan geassesseer word aan die hand van 'n gepaste instrument, soos 'n rubriek, wat vir hierdie doel ontwerp is.

### Toetsgebaseerde assessering

Toetsgebaseerde assessering word meer formeel en gestruktureer beplan en stel die onderwyser in staat om bewyse van al die leerders se vordering gelyktydig en vir dieselfde assesseringsaktiwiteit in te samel. Dié soort assessering lewer objektief verifieerbare bewyse wat gewoonlik bepunt word. Indien korrek gebruik, bly toetse en eksamens 'n belangrike komponent van die kurrikulum omdat dit goeie bewyse van 'n leerder se bevoegdheidsvlak en verworwe kennis oplewer.

### Taakgebaseerde assessering

Praktiese of taakgebaseerde assessering toon of leerders kennis en vaardighede wat hulle in die klaskamer geleer het, in onbekende kontekste of kontekste buite die klaskamer kan toepas. Hierdie soort assessering het ook betrekking op al die praktiese komponente van vakke deur die wyses te bepaal waarop leerders teorie tot praktyk omskep. Hierdie benadering maak staat op die onderwyser se professionele oordeel in die assessering van leerderprestasie volgens die voorafbepaalde kriteria, standarde of reëls waarvolgens die taak, soos beskryf in rubrieke en taak- en kontrolelyste, geassesseer sal word.

## REKORDHOUDING EN RAPPORTERING

Verslae/rekords en rapportering is gegrond op bewyse wat tydens assessering verkry is, sodat dit logies ontleed, en verstaanbaar en akkuraat aangebied kan word.

## Metodes van verslaghouding

Daar is talle maniere waarop verslae of rekords gehou kan word. Dikwels kan evalueringsmetodes van leerderprestasies ook dien as metodes van verslaghouding.

Die volgende is voorbeelde van verskillende soorte instrumente vir verslaghouding:

- metingskale;
- taak- of kontrolelyste; en
- rubrieke.

Elke instrument word vervolgens bespreek.

### Metingskale

Metingskale sluit in alle nasienstelsels waar 'n simbool of kode (soos 'n A of B), of 'n punt (soos 5/10) of 'n verhouding (soos 50%) in besonderhede beskryf word om die gekodeerde telling te skakel met 'n beskrywing van die vaardighede wat vereis word om daardie telling te bepaal. Hierdie besonderhede is belangriker vir onderrig en leer as die simbool of punt omdat dit leerders 'n baie duideliker idee gee van wat hulle bereik het en waar en hoekom hulle leer nie die beoogde teiken bereik het nie. Tradisionele nasien maak hoofsaaklik van metingskale gebruik, maar duidelike besonderhede soos swakhede en sterk punte wat aandui hoe die leerder in terme van die beoogde uitkomst presteer, ontbreek meesal. 'n Ses-puntprestasieskaal word in die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) gebruik.

### Taak- of kontrolelyste

Taak- of kontrolelyste bevat diskrete stellings of kriteria wat 'n leerder se prestasie in die uitvoering van 'n spesifieke taak beskryf. Wanneer dit uit die leerder se optrede of prestasie duidelik is dat die leerder voldoen aan die vereistes van die taak soos vervat in die spesifieke stelling (kriterium), kan daardie stelling/kriterium op die taak- of kontrolelyst afgemerk word. Leerderprestasie word dus omskryf deur al die stellings/kriteria wat op die lys regmerkies het. Hierdie lys is besonder geskik vir die assessering van portuur- en groeppaktiwiteite.

### Rubrieke

Rubrieke is 'n kombinasie van gegradeerde kodes en omskrywings van standaarde. Dit bestaan uit 'n hiërargie van standaarde (byvoorbeeld van hoog tot laag) met beskrywings wat die omvang van aanvaarbare prestasie vir elke gekodeerde vlak aandui. Rubrieke vereis dat onderwysers presies moet weet wat die bereiking van 'n Leeruitkoms vereis. Daar is twee soorte rubrieke – holistiese en analitiese rubrieke. 'n Holistiese rubriek assessee die geheel van 'n vereiste standaard (soos die geheel van 'n werkstuk of 'n taak se kriteria), terwyl 'n analitiese rubriek 'n duidelike beeld gee van die afsonderlike aspekte waaruit die kriteria bestaan, of 'n kombinasie daarvan. Die Riglyne vir Leerprogramme bevat talle voorbeelde van vakspesifieke rubrieke.

Om 'n rubriek te ontwerp, behoort die onderwyser die volgende in ag te neem:

- Watter Leeruitkomste word beoog om te bereik?
- Watter Assesseringstandaarde is van toepassing vir die taak?
- Watter soort bewyse behoort ingesamel te word?
- Wat is die verskillende eienskappe/kenmerke van die taak/prestasie wat geassesseer sal word?
- Watter assesseringsinstrumente kan die doeltreffendste gebruik word vir al die verskillende komponente van die prestasie/taak (soos vir die proses en produk)?
- Watter bewyse van kennisverwerwing is nodig?
- Watter vaardighede behoort toegepas te word of watter aksies word van die leerder verwag?
- Watter geleenthede om persoonlike opinies, waardes en houdings uit te druk, spruit voort uit die taak/opdrag, watter van hierdie aspekte moet geassesseer word en op watter wyse behoort assessering plaas te vind?
- Behoort een rubriek al die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde van die taak te teiken, of vereis die taak die gebruik van verskeie rubrieke?
- Hoeveel rubrieke moet gebruik word om die taak te assesseer?

Dit is uiters belangrik dat leerders vertrouwd moet wees met die rubriek of rubrieke voordat 'n taak aangepak word. Die rubriek fokus leer en prestasie. Rubrieke kan nuttige instrumente vir selfassessering wees.

### Rapportering van prestasie en vordering

Rapportering/verslaglewering van leerderprestasie verwys na die maniere waarop belanghebbendes ingelig word oor leerders se vordering. Nadat onderwysers bewyse ingesamel en geïnterpreteer het, moet hulle rekord/verslag hou van 'n leerder se prestasies en algehele vordering. Genoegsame sommerende assesserings is noodsaaklik sodat 'n rapport/verslag 'n weergawe van die standaard van die leerder se prestasie en vordering gee.

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Algemeen) aanvaar 'n 6-puntskaal vir leerderprestasie en -vordering. Die besonderhede van die skaal word in Tabel 4.1 van nader beskou.

**Tabel 4.1 Prestasieskaal van die Nasionale Kurrikulumverklaring Grade 10 – 12 (Algemeen)**

Metings-kode	Omskrywing van Bevoegdheid	Punte (%)
6	Uitmuntend	80 – 100
5	Voldoen met meriete	60 – 79
4	Voldoen bevredigend	50 – 59
3	Voldoende	40 – 49
2	Voldoen gedeeltelik	30 – 39
1	Onvoldoende	0 – 29

## VAKBEVOEGDHEIDSOMSKRYWINGS

Om die standaardvlakke te help bepaal vir die voldoende bereiking van die Leeruitkomste van Grade 10, 11 en 12, dit wil sê die verwagtings van wat leerders in elke graad moet weet en moet kan doen, is vakbevoegdheidsvlakke vir elke graad omskryf. Vir elke vak en elke graad is ses bevoegdheidsvlakke omskryf. Hierdie omskrywings sal onderwysers help om leerders te assesseer in terme van vaardigheidsvlakke. Die omskrywings gee 'n presiese opsomming van besonderhede wat in die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde vervat is. Die bevoegdheidsomskrywings gee ook onderskeidende kenmerke benodig vir assessering volgens 'n spesifieke vlak. Die verskillende prestasie- en ooreenstemmende persentasievlakke verskyn in Tabel 4.1.

Ooreenkomstig die beginsels en praktyk van uitkomsgebaseerde assessering, moet alle assessering – sowel skoolgebaseerde as eksterne assessering – hoofsaaklik kriteriumgerig wees. Punte kan vir die evaluering van spesifieke assesseringstake gebruik word, maar die take behoort eerder aan die hand van rubrieke geassesseer te word as om bloot die regte antwoord af te merk en dan volgens die aantal regmerkies, 'n punt toe te ken. Die vakbevoegdheidsomskrywings beskryf die minimum vaardighede, kennis, houdings en waardes wat 'n leerder behoort te toon vir die bereiking van elke vlak van die metingskaal.

Wanneer onderwysers/assessore 'n assesseringstaak of -vraag beplan, moet hulle seker maak dat die taak of vraag 'n aspek van 'n bepaalde uitkoms betrek. Die gepaste Assesseringstandaard of -standaarde moet gebruik word om rubrieke te ontwerp waarvolgens die taak of vraag geassesseer word. Die omskrywings gee 'n presiese aanduiding van die minimum vlak vir elke kategorie van die metingskaal waarop bevoegdheid bereik kan word. Die bevoegdheidsomskrywings vir hierdie vak verskyn aan die einde van hierdie hoofstuk.

## BEVORDERING

Bevordering op graad 10- en graad 11-vlakke geskied volgens interne skoolgebaseerde assessering, maar dit moet nogtans voldoen aan dieselfde voorwaardes soos die vir die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat. Die vereistes, voorwaardes, vakkombinasies en kondoneringsvereistes vir bevordering word volledig in die *Qualifications and Assessment Policy Framework Grade 10 – 12 (General)* uiteengesit.

## WATTER INLIGTING IN RAPPORTE/VERSLAGKAARTE MOET VERSKYN

'n Rapport of verslagkaart kan verskeie vorme aanneem, maar die ontwerp behoort eenvoudig te wees, alhoewel dit nogtans al die nodige inligting moet bevat. Elke verslag/rapport oor 'n leerder se algehele vordering behoort inligting in te sluit oor:

- die leerprestasie in terme van die uitkomste;
- die leerder se sterk punte;



- ondersteuning wat, waar toepaslik, nodig is of voorsien word;
- opbouwende terugvoering wat kommentaar oor 'n leerder se prestasies in 'n vak lewer en hoe dit met die leerder se vorige prestasies in en vereistes van die vak verband hou; en
- die leerder se ontwikkelingsproses in die toepassing van leerstrategieë.

Verslagkaarte/rapporte behoort ook die volgende inligting te bevat:

- naam van skool;
- naam van leerder;
- graad van leerder;
- jaar en kwartaal;
- datum;
- datums wanneer skole sluit en heropen; en
- skoolbywoningsprofiel van die leerder.

Hierbenewens behoort verslagkaarte/rapporte ook ruimte te hê vir die:

- handtekening van ouer of voog;
- handtekening van onderwyser en skoolhoof; en
- skoolstempel.

## ASSESSERING VAN LEERDERS MET SPESIALE ONDERWYSBEHOEFTE

Die assessering van leerders wat leerstruikelblokke ervaar, sal uitgevoer word in ooreenstemming met die aanbevole alternatiewe en/of aangepaste metodes soos voorgeskryf in die *Qualifications and Assessment Policy Framework Grade 10 - 12 (General)* soos vir leerders met leerstruikelblokke. Verwys na Witskrif 6 wat handel oor *Special Needs Education: Building an Inclusive Education and Training System*.

## BEVOEGDHEIDSOMSKRYWINGS VIR TWEDE ADDISIONELE TAAL

**K**

Kode

6

**S**

Skaal

80%–100%  
Uitmundend

## Graad 10



**B**

Bevoegdheidsomsrywings

**Aan die einde van graad 10 kan die leerder wat uitmundend aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- vrymoedig, samehangend en met kohesie praat en aanbied; bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; krities luister om inligting vir verskillende doeleindes te identifiseer, interpreteer, ontleed en verduidelik; taal vlot in 'n verskeidenheid bekende kommunikasiesituasies gebruik.
- tekste doeltreffend interpreteer, ontleed en verduidelik en identifiseer spesifieke inligting akkuraat tydens lees en kyk; deeglike insig toon en eie opinies gee en duidelik motiveer; besonder vloeiend luidlees; verskillende menings en kulturele kwessies met sensitiwiteit hanteer.
- samehangend, akkuraat en met kohesie skryf en aanbied; verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate deeglik in ag neem; idees en standpunte volgehoue, oortuigend en op oorspronklike wyse struktureer; hersien en redigeer skryfwerk onafhanklik om tekste te verbeter.
- verstaan en gebruik strukture en konvensies van taal met selfvertroue en toenemende akkuraatheid; betekenis en funksies van woorde en woordvorme doeltreffend identifiseer, interpreteer en verduidelik; 'n verskeidenheid verskeidenheid sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik; deeglike beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 11



### Bevoegdheidsoms krywings

**Aan die einde van graad 11 kan die leerder wat uitmuntend aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- vrymoedig, samehangend en met kohesie praat en aanbied; bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; krities luister om inligting vir 'n verskeidenheid doeleindes akkuraat te identifiseer, interpreteer, ontleed en verduidelik; taal vlot in 'n verskeidenheid kommunikasiesituasies gebruik.
- vrymoedig en effektief tekste interpreteer, ontleed en verduidelik en spesifieke inligting akkuraat identifiseer tydens lees en kyk; deeglike insig toon en eie opinies gee en duidelik motiveer; besonder vloeiend luidlees; 'n verskeidenheid menings en kulturele kwessies met sensitiwiteit hanteer.
- samehangend, akkuraat en met kohesie skryf en aanbied; verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate doeltreffend in ag neem; idees en standpunte volgehoue, oortuigend en op oorspronklike wyse struktureer; hersien en redigeer skryfwerk onafhanklik om dit te verbeter.
- verstaan en gebruik strukture en konvensies van taal akkuraat en met selfvertroue; betekenis en funksies van woorde en woordvorme effektief identifiseer, interpreteer en verduidelik; 'n verskeidenheid sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik; deeglike beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 12



### Bevoegdheidsoms krywings

**Aan die einde van graad 12 kan die leerder wat uitmuntend aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- vrymoedig, samehangend en met kohesie praat en aanbied; duidelik bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; krities luister om inligting vir 'n verskeidenheid doeleindes akkuraat te identifiseer, interpreteer, ontleed en verduidelik; taal vlot in 'n wye verskeidenheid kommunikasiesituasies gebruik.
- vrymoedig en effektief tekste interpreteer, ontleed en verduidelik en spesifieke inligting akkuraat identifiseer tydens lees en kyk; deeglike insig toon en eie opinies gee en duidelik motiveer; besonder vloeiend luidlees; 'n verskeidenheid menings en kulturele kwessies met sensitiwiteit hanteer.
- samehangend, akkuraat en met kohesie skryf en aanbied; verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate doeltreffend in ag neem; idees en standpunte oortuigend, volgehoue en op oorspronklike wyse struktureer; hersien en redigeer skryfwerk onafhanklik om korrekte tekste te skep.
- verstaan en gebruik strukture en konvensies van taal akkuraat en met selfvertroue; betekenis en funksies van woorde en woordvorme baie effektief identifiseer, interpreteer en verduidelik; 'n wye verskeidenheid sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik; deeglike beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 10



**K**

Kode

**S**

Skaal

5

60%–79%  
Voldoen met  
meriete

**B**  
**O**

Bevoegdheidsomskrywings

**Aan die einde van graad 10 kan die leerder wat met meriete aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- meesal vrymoedig, samehangend en met kohesie praat en aanbied; gepaste bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; krities luister om inligting vir verskillende doeleindes te identifiseer, maar interpreteer, ontleed en verduidelik met huiwering; meesal vlot in bekende kommunikasiesituasies gebruik.
- inligting meesal vrymoedig identifiseer tydens lees en kyk, maar interpreteer, ontleed en verduidelik tekste op 'n onseker manier; goeie insig toon en eie opinies gee en goed motiveer; meesal vloeiend luidlees; verskillende menings en kulturele kwessies meesal met sensitiwiteit hanteer.
- tekste meesal samehangend, akkuraat en met kohesie skryf en aanbied, maar maak foute; verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate meesal in ag neem; idees en standpunte meesal volgehoue en oortuigend ontwikkel, maar met enkele bewyse van oorspronklikheid; met hulp skryfwerk hersien en redigeer om dit te verbeter.
- verstaan en gebruik strukture en konvensies van taal meesal akkuraat en met selfvertroue; betekenis en funksies van woorde en woordvorme meesal identifiseer, interpreteer en verduidelik; verskillende sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik, maar maak enkele foute; goeie beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 11



### Bevoegdheidsoms krywings

**Aan die einde van graad 11 kan die leerder wat met meriete aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- meesal met selfvertroue, samehangend en met kohesie praat en aanbied; grootliks bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; krities luister om inligting vir verskillende doeleindes te identifiseer en te interpreteer, maar ontleed en verduidelik soms met huiwering; taal meesal vlot in verskillende kommunikasiesituasies hanteer.
- inligting meesal vrymoedig identifiseer en interpreteer tydens lees en kyk, maar toon onsekerheid om tekste te ontleed en te verduidelik; goeie insig toon en eie opinies gee en meesal duidelik motiveer; meesal vloeiend luidlees; verskillende menings en kulturele kwessies met sensitiwiteit hanteer.
- tekste meesal samehangend, akkuraat en met kohesie skryf en aanbied, maar maak soms foute; verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate meesal in ag neem; idees en standpunte meesal oortuigend en volgehoue struktureer en enkele bewyse van oorspronklikheid toon; skryfwerk meesal onafhanklik hersien en redigeer om dit te verbeter.
- verstaan en gebruik strukture en konvensies van taal meesal akkuraat en met selfvertroue; betekenis en funksies van woorde en woordvorme meesal identifiseer, interpreteer en verduidelik; verskillende sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik, maar maak enkele foute; goeie beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 12



### Bevoegdheidsoms krywings

**Aan die einde van graad 12 kan die leerder wat met meriete aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- meesal met selfvertroue, samehangend en met kohesie praat en aanbied; grootliks bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; krities luister om inligting vir verskillende doeleindes te identifiseer en te interpreteer, maar ontleed en verduidelik soms met huiwering; taal meesal vlot in 'n verskeidenheid kommunikasiesituasies gebruik.
- inligting meesal vrymoedig identifiseer en interpreteer tydens lees en kyk, maar toon soms onsekerheid om tekste te ontleed en te verduidelik; goeie insig toon en eie opinies gee en duidelik motiveer; meesal vloeiend luidlees; verskillende menings en kulturele kwessies met sensitiwiteit hanteer.
- tekste meesal samehangend, akkuraat en met kohesie skryf en aanbied; verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate meesal in ag neem; idees en standpunte meesal volgehoue en oortuigend struktureer en enkele bewyse van oorspronklikheid toon; skryfwerk meesal onafhanklik hersien en redigeer om dit te verbeter.
- verstaan en gebruik strukture en konvensies van taal meesal akkuraat en met selfvertroue; betekenis en funksies van woorde en woordvorme meesal identifiseer, interpreteer en verduidelik; 'n verskeidenheid sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik, maar maak enkele foute; goeie beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 10



**K**

Kode

**S**

Skaal

4

50%–59%  
Voldoen  
bevredigend

**B**  
**O**

Bevoegdheidsomskrywings

**Aan die einde van graad 10 kan die leerder wat bevredigend aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- met voorsê en aanmoediging by tye, redelik met selfvertroue, samehang en kohesie praat en aanbied; redelik bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; redelik krities luister om inligting te identifiseer, maar interpreteer, ontleed en verduidelik met hulp; taal redelik vlot in bekende kommunikasiesituasies gebruik.
- inligting redelik identifiseer en interpreteer tydens lees en kyk, maar ondervind probleme om tekste te ontleed en te verduidelik; redelik insig toon en dikwels eie opinies gee en motiveer; redelik vloeiend luidlees; verskillende menings en kulturele kwessies redelik met sensitiwiteit hanteer.
- redelik skryf en aanbied, maar tekste toon soms 'n gebrek aan samehang, kohesie en akkuraatheid; met hulp verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate in ag neem; idees en standpunte redelik gefokus en volgehoue ontwikkel; met voortdurende hulp skryfwerk hersien en redigeer om dit redelik te verbeter.
- strukture en konvensies van taal redelik akkuraat verstaan en gebruik; met hulp betekenis en funksies van woorde en woordvorme redelik akkuraat identifiseer, interpreteer en verduidelik; verskillende sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik, maar maak dikwels foute; redelik beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 11



### Bevoegdheidsoms krywings

**Aan die einde van graad 11 kan die leerder wat bevredigend aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- met voorsê en aanmoediging by tye, redelik met selfvertroue, samehang en kohesie praat en aanbied; redelik bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; redelik krities luister om inligting te identifiseer, maar interpreteer, ontleed en verduidelik met hulp; taal redelik vlot in kommunikasiesituasies gebruik.
- inligting tydens lees en kyk redelik vrymoedig identifiseer en interpreteer, maar benodig hulp om tekste te identifiseer, ontleed en verduidelik; redelik insig toon en eie opinies gee en redelik motiveer; redelik vloeiend luidlees; verskillende menings en kulturele kwessies redelik met sensitiwiteit hanteer.
- redelik skryf en aanbied, maar tekste toon soms 'n gebrek aan samehang, kohesie en akkuraatheid; met hulp tekste volgens verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate skep; idees en standpunte redelik gefokus en volgehoue ontwikkel; met hulp skryfwerk hersien en redigeer om dit redelik te verbeter.
- strukture en konvensies van taal redelik akkuraat verstaan en gebruik; met hulp betekenis en funksies van woorde en woordvorme redelik akkuraat identifiseer, interpreteer en verduidelik; verskillende sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik, maar maak dikwels foute; redelik beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 12



### Bevoegdheidsoms krywings

**Aan die einde van graad 12 kan die leerder wat bevredigend aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- met voorsê by tye, redelik met selfvertroue, samehang en kohesie praat en aanbied; redelik bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; redelik krities luister om inligting te identifiseer en te interpreteer, maar het hulp nodig om dit te ontleed en verduidelik; taal redelik vlot in kommunikasiesituasies gebruik.
- inligting tydens lees en kyk redelik vrymoedig identifiseer en interpreteer, maar benodig hulp om tekste te ontleed en te verduidelik; redelik insig toon en eie opinies gee en redelik motiveer; redelik vloeiend luidlees; verskillende menings en kulturele kwessies redelik met sensitiwiteit hanteer.
- redelik skryf en aanbied, maar tekste toon soms 'n gebrek aan samehang, kohesie en akkuraatheid; met hulp tekste volgens verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate skep; idees en standpunte redelik gefokus en volgehoue ontwikkel; met hulp skryfwerk hersien en redigeer om dit te verbeter.
- strukture en konvensies van taal redelik akkuraat verstaan en gebruik; met hulp betekenis en funksies van woorde en woordvorme redelik akkuraat identifiseer, interpreteer en verduidelik; verskillende sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik, maar maak foute; redelik beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 10



**K**

Kode

**S**

Skaal

3

40%–49%  
Voldoende

**Bo**

Bevoegdheidsomskrywings

**Aan die einde van graad 10 kan die leerder wat voldoende aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- voldoende vrymoedig, samehangend en met kohesie praat en aanbied, maar benodig voortdurend voorsê; voldoende bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; voldoende krities luister om inligting te identifiseer, maar kan slegs met voortdurende hulp tekste interpreteer, ontleed en verduidelik; taal met voldoende vloeiendheid in bekende kommunikasiesituasies gebruik.
- lees en kyk, maar ondervind dikwels probleme om tekste onafhanklik te identifiseer, interpreteer, ontleed en verduidelik; voldoende insig toon, maar huiwer om eie opinies te gee en motiveer; taamluk vloeiend luidlees; verskillende menings en kulturele kwessies voldoende met sensitiwiteit hanteer.
- voldoende skryf en aanbied, maar tekste toon baie dikwels 'n gebrek aan samehang, kohesie en akkuraatheid; met hulp voldoende aandag gee aan verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate; met voortdurende hulp idees en standpunte voldoende gefokus ontwikkel; hersien en redigeer, maar het voortdurend hulp nodig om foute wat betekenis ernstig beïnvloed, reg te stel.
- strukture en konvensies van taal voldoende verstaan en gebruik, maar maak baie agterlosige foute; met voortdurende hulp betekenis van woorde en woordvorme voldoende identifiseer, interpreteer en verduidelik; verskillende sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik, maar maak heelwat ernstige foute; voldoende beheer van grammatika en woordeskat toon.



## Graad 11



### Bevoegdheidsoms krywings

**Aan die einde van graad 11 kan die leerder wat voldoende aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- voldoende vrymoedig, samehangend en met kohesie praat en aanbied, maar benodig voorsê; voldoende bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; voldoende krities luister om inligting te identifiseer, maar sukkel om tekste te ontleed, interpreteer en verduidelik; taal met voldoende vloeiendheid in bekende kommunikasiesituasies gebruik.
- inligting voldoende identifiseer tydens lees en kyk, maar ondervind dikwels probleme om tekste onafhanklik te interpreteer, te ontleed en te verduidelik; voldoende insig toon, maar huiwer om eie opinies te gee en te motiveer; taamlik vloeiend luidlees; verskillende menings en kulturele kwessies voldoende met sensitiwiteit hanteer.
- voldoende skryf en aanbied, maar tekste toon dikwels 'n gebrek aan samehang, kohesie en akkuraatheid; met hulp tekste voldoende volgens verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate skep; met voortdurende hulp idees en standpunte voldoende gefokus ontwikkel; hersien en redigeer, maar benodig baie hulp om foute wat betekenis beïnvloed, uit te skakel.
- strukture en konvensies van taal voldoende verstaan en gebruik, maar maak agterlosige foute; met hulp betekenis van woorde en woordvorme voldoende identifiseer, interpreteer en verduidelik; verskillende sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik, maar maak dikwels ernstige foute; voldoende beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 12



### Bevoegdheidsoms krywings

**Aan die einde van graad 12 kan die leerder wat voldoende aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- voldoende vrymoedig, samehangend en met kohesie praat en aanbied, maar soms met behulp van voorsê; voldoende bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; voldoende krities luister om inligting te identifiseer en te interpreteer, maar sukkel om tekste te ontleed en te verduidelik; taal met voldoende vloeiendheid in verskillende kommunikasiesituasies gebruik.
- inligting voldoende identifiseer tydens lees en kyk, maar ondervind, soms probleme om tekste onafhanklik te interpreteer, ontleed en verduidelik; voldoende insig toon, maar huiwer om eie opinies te gee en te motiveer; taamlik vloeiend luidlees; verskillende menings en kulturele kwessies voldoende met sensitiwiteit hanteer.
- voldoende skryf en aanbied, maar samehang, kohesie en akkuraatheid ontbreek dikwels; met hulp tekste voldoende volgens verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate skep; met voortdurende hulp idees en standpunte voldoende gefokus ontwikkel; hersien en redigeer, maar benodig hulp met foute wat soms betekenis beïnvloed.
- strukture en konvensies van taal voldoende verstaan en gebruik, maar maak agterlosige foute; met hulp betekenis van woorde en woordvorme voldoende identifiseer, interpreteer en verduidelik; verskillende sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik, maar maak baie foute; voldoende beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 10



**K**

Kode

2

**S**

Skaal

30%–39%  
Voldoen  
gedeeltelik

**B**  
**O**

Bevoegdheidsomskrywings

**Aan die einde van graad 10 kan die leerder wat gedeeltelik aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- kwalik samehangend of met kohesie praat en aanbied; selde enige bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon en gebruik; kwalik krities luister om inligting te identifiseer en selde slaag om tekste te interpreteer, te ontleed en te verduidelik, selfs met hulp soms 'n basiese hulp, boodskap in bekende kommunikasiesituasies kommunikeer, maar selde vlot.
- selde tekste onafhanklik en akkuraat identifiseer, interpreteer, ontleed en verduidelik tydens lees en kyk; kwalik enige insig toon of eie opinies gee en motiveer; selde vloeiend luidlees; selde verskillende menings en kulturele kwessies met sensitiwiteit hanteer.
- tekste selde samehangend, akkuraat en met kohesie skryf en aanbied; selde, selfs met voortdurende hulp, verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate in ag neem; slegs met hulp basiese idees en standpunte ontwikkel, maar nie gefokus nie en maak growwe foute wat betekenis ernstig beïnvloed; beperkte bewyse van hersiening en redigering lewer, selfs met voortdurende hulp.
- selde strukture en konvensies van taal verstaan en gebruik en maak baie ernstige foute; kwalik met voortdurende hulp, betekenis van woorde en woordvorme identifiseer, interpreteer en verduidelik; slegs enkelvoudige sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik, maar maak baie growwe foute; beperkte beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 11



### Bevoegdheidsomskrywings

**Aan die einde van graad 11 kan die leerder wat gedeeltelik aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- kwalik samehangend of met kohesie praat en aanbied; selde bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon of gebruik; kwalik krities luister om inligting te identifiseer en ervaar probleme om tekste te interpreteer, te ontleed en te verduidelik, selfs met hulp; soms 'n basiese boodskap in bekende kommunikasiesituasies kommunikeer, maar selde vlot.
- selde tekste onafhanklik en akkuraat identifiseer, interpreteer, ontleed en verduidelik tydens lees en kyk; beperkte insig toon selde eie opinies gee en motiveer; selde vloeiend luidlees; selde sensitiwiteit vir verskillende menings en kulturele kwessies toon.
- selde samehangend, akkuraat en met kohesie skryf en aanbied; selde, selfs met hulp, verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate in ag neem; net met hulp basiese idees en standpunte ontwikkel, maar sonder fokus en maak growwe foute wat betekenis ernstig beïnvloed; beperkte bewyse van hersiening en redigering toon en benodig voortdurend hulp.
- selde strukture en konvensies van taal verstaan en gebruik en maak ernstige foute; selfs met hulp, kwalik ooit betekenis en funksies van woorde en woordvorme identifiseer, interpreteer en verduidelik; net enkelvoudige sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik, maar maak baie foute; beperkte beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 12



### Bevoegdheidsomskrywings

**Aan die einde van graad 12 kan die leerder wat gedeeltelik aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- kwalik samehangend of met kohesie praat en aanbied; selde bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon of gebruik; kwalik krities luister om inligting te identifiseer en sukkel, selfs met hulp, om tekste te interpreteer, te ontleed en te verduidelik; soms 'n basiese boodskap in bekende kommunikasiesituasies kommunikeer, maar selde vlot.
- selde tekste onafhanklik en akkuraat identifiseer, interpreteer, ontleed en verduidelik tydens lees en kyk; beperkte insig toon en selde eie opinies gee en motiveer; selde vloeiend luidlees; selde verskillende menings en kulturele kwessies met sensitiwiteit hanteer.
- selde samehangend, akkuraat en met kohesie skryf en aanbied; selde verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate in ag neem; slegs met hulp basiese idees en standpunte ontwikkel, maar sonder fokus en maak dikwels growwe foute wat betekenis beïnvloed; beperkte bewyse van hersiening en redigering toon en benodig voortdurend hulp.
- selde strukture en konvensies van taal verstaan en gebruik en maak ernstige foute; selde betekenis van woorde en woordvorme identifiseer, interpreteer en verduidelik, en dan slegs met hulp; slegs enkelvoudige sinstrukture vir funksionele doeleindes gebruik maar maak baie foute; beperkte beheer van grammatika en woordeskat toon.

## Graad 10



**K**

Kode

**S**

Skaal

1

0%–29%  
Onvoldoende

**B**  
**O**

Bevoegdheidsomskrywings

**Aan die einde van graad 10 kan die leerder wat onvoldoende aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- net met baie lang pouses en ernstig gefragmenteer praat en aanbied; byna geen bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon of gebruik nie; gebrekkige luistervaardighede toon en kan nie inligting tydens krities luister identifiseer, interpreteer, ontleed of verduidelik nie; taal onverstaanbaar gebruik weens 'n uiters gebrekkige woordeskat en kan nie effektief kommunikeer nie.
- byna nooit enige tekste identifiseer, interpreteer, ontleed of verduidelik tydens lees en kyk nie; geen insig toon of eie opinies gee of motiveer nie; kwalik ooit vloeiend luidlees; kwalik verskillende menings en kulturele kwessies identifiseer of interpreteer.
- tekste skryf en aanbied, maar dit is onverstaanbaar en onsamehangend; verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate nie in ag neem nie; weens waninterpretasie van onderwerpe en arm taalkennis tekste skep wat deurspek is van baie ernstige foute wat betekenis heeltemal verwring; geen bewys van hersiening en redigering lewer nie en benodig voortdurend baie hulp, maar kan nie verbetering toon nie.
- geen strukture en konvensies van taal verstaan en gebruik nie; slegs 'n baie basiese begrip van betekenis van bekende woorde en woordvorme toon; ongrammatikale sinne gebruik en geen beheer van grammatika en woordeskat toon nie.

## Graad 11



### Bevoegdheidsoms krywings

**Aan die einde van graad 11 kan die leerder wat onvoldoende aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- met huiwering en lang pouses, gefragmenteer praat en aanbied; baie beperkte bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon of gebruik nie; gebrekkige luistervaardighede toon en kwalik ooit krities luister om tekste te identifiseer, te interpreteer, te ontleed of te verduidelik nie; taal gebruik, maar dit is meesal onverstaanbaar weens 'n gebrekkige woordeskat wat kommunikasie nie effektief laat plaasvind nie.
- byna nooit tekste identifiseer, interpreteer, ontleed of verduidelik tydens lees en kyk nie; geen insig toon of eie opinies gee of motiveer nie; kwalik ooit vloeiend luidlees; verskillende menings en kulturele kwessies byna nooit met sensitiwiteit hanteer nie.
- tekste skryf en aanbied, maar dit is onsamehangend; verskillende teikengroepe, doeleindes, kontekste en formate nie in ag neem nie; weens waninterpretasie van onderwerpe en gebrekkige taalgebruik tekste skep wat deurspek is met baie ernstige foute wat betekenis heeltemal verwring; byna geen bewyse van hersiening en redigering toon nie en selfs met voortdurende hulp nie in staat om werk te verbeter nie.
- byna geen strukture en konvensies van taal verstaan en gebruik nie; slegs 'n baie basiese begrip van betekenis van bekende woorde en woordvorme toon; slegs ongrammatikale sinne gebruik en geen beheer van grammatika en woordeskat toon nie.

## Graad 12



### Bevoegdheidsoms krywings

**Aan die einde van graad 12 kan die leerder wat onvoldoende aan die bevoegdheidsvereistes voldoen:**

- met lang pouses, huiwerig en gefragmenteer praat en aanbied; baie beperkte bewustheid van sensitiewe en respekvolle taal toon of gebruik; weens gebrekkige luistervaardighede byna geen tekste identifiseer, interpreteer, ontleed of verduidelik nie; as gevolg van arm woordeskat en swak taalgebruik kwalik 'n basiese boodskap in bekende situasies verstaanbaar kommunikeer.
- byna nooit slaag om tekste te identifiseer, interpreteer, ontleed of verduidelik tydens lees en kyk nie; weens powere taalvermoë geen insig toon nie en kwalik ooit eie opinies gee en motiveer; kwalik ooit vloeiend luidlees; verskillende menings en kulturele kwessies byna nooit met sensitiwiteit hanteer nie.
- tekste skryf en aanbied, maar dit is onsamehangend; verskillende teikengroepe, doeleindes kontekste en formate nie in ag neem nie; weens 'n waninterpretasie van onderwerpe en arm taalvermoë tekste skep wat deurspek is met baie ernstige foute wat betekenis heeltemal verwring; byna geen bewyse van hersiening en redigering toon nie en benodig voortdurend baie hulp, maar kan selde verbetering toon.
- byna geen strukture en konvensies van taal verstaan en gebruik nie; slegs 'n baie basiese begrip van betekenis van bekende woorde en woordvorme toon; ongrammatikale sinne gebruik en geen beheer van grammatika en woordeskat toon nie.



## WOORDELYS

**addisionele taal** (verwys ook na *huistaal*) – ’n taal wat bykomend tot die huistaal geleer word

**afgeleide betekenis** – die skep van betekenis uit wat geïmpliseer word om ’n nuwe begrip te vorm; dit wat tussen die reëls staan

**aflei** – ’n oordeel vorm uit wat vooraf gegee is of gebeur het

**afleiding** – ’n woord wat bestaan uit ’n basisvorm (stam) en voor- en/of agtervoegsels (hierdie proses vorm dikwels ’n ander woordsoort), bv. *ritus*: *rituele* gebruik

**akronieme** (ook *letterwoorde*) – afkortings wat soos woorde optree; word uitgespreek as ’n woord, gevorm deur die eerste letters van ander woorde, bv. *Soweto* vir *South Western Townships* of *vigs* vir *Verworwe immuniteitsgebreksindroom*

**aktiewe luister** – wanneer ’n mens aandagtig luister na wat iemand sê en probeer om jouself in die spreker se posisie te plaas

**alliterasie** – herhaling van dieselfde beginletters (medeklinkers/konsonante) in beklemtoonde lettergrepe; ’n algemene stylmiddel, bv. *Kind nog kraai*

**analogie** – ooreenstemming in sommige aspekte tussen dinge wat andersins verskil; ’n manier waarop nuwe woorde gevorm kan word; woorde word dikwels na die voorbeeld van ander verwante woorde gevorm, bv. na analogie van *badkamer* is *slaapkamer*, *studeerkamer*; *doodlekker* na die voorbeeld van *doodbang*, ens. gevorm

**anekdote** – ’n kort, onderhoudende storie; klein voorvalle of gebeure wat vir ’n spesifieke doel vertel word, bv. inligting, vermaak, humor, venyn, of om karakter te openbaar

**animasie** – aanmekaarlas van stil prente of tekeninge om die illusie van lewe of beweging te skep

**antiklimaks** – die omgekeerde van klimaks; onverwagte teleurstellende uiteinde, afloop; ommeswaai van iets belangriks na iets nietigs, gewoonlik met ’n komiese effek

**antitese** – teenstelling van gedagtes wat uitgedruk word deur parallelisme wat skerp teenoor mekaar staan, bv. *hoe meer haas hoe minder spoed*

**antoniem** – woorde wat min of meer die teenoorgestelde betekenis van ander woorde uitdruk, bv. *kurkdroog* en *sopnat*

**assessering** – ’n deurlopende beplande proses van inligtingversameling op verskillende maniere oor leerderprestasie en uitvoer volgens die Assesseringstandaarde

**assesseringstandaard** – kriteria gebruik om 'n uitkoms te assesser

**assonansie** – herhaling van klinkers of vokale in beklemtoonde lettergrepe in twee of meer woorde, bv. *Oor die groen poel wat stil en dik / was van die bronslaai en die warm slik* (N P van Wyk Louw, *Raka*)

**beeld** – 'n prent of visuele voorstelling

**beelding** – ook figuurlike taal; woorde wat beelde (in konteks/sinsverband) in die gedagtes oproep; sluit implikasieverskynsels in

**beeldspraak** – taaluiting wat van figuurlike, oordragtlike taal gebruik maak, bv. vergelykings, metafore, personifikasie, metonimia (oornoeming), sinekdogee (gedeeltelike aanduiding), antonomasia (naamsverwisseling)

**beklemtoning** – die klemtoon lê op, aksentueer, benadruk

**beurtnemingskonvensies** – die gebruike wat die vloei van gesprekke tussen mense reguleer soos om ander toe te laat om 'n opinie te lug, stiltes te hanteer, inligting te herhaal vir duidelikheid, aan te moedig waar gepas, te vra vir duidelikheid, inligting te verskaf, tussenbeide te tree om fokus te herstel

**cliché** – afgesaagde, verslete beeldspraak; holruggeryde uitdrukking of idee wat so dikwels gebruik word dat dit uitdrukkingskrag verloor, bv. *laaste, maar nie die minste nie*

**denotasie** (teenoorgestelde van *konnotasie*) – dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van 'n woord of uitdrukking

**determineerders** – bepaler of aanwyser soos lidwoorde en aanwysende woorde

**diskoers** – spraak langer as een konvensionele sin en wat verbande trek; 'n formele term vir praat of 'n gesprek

**diskriminerende taalgebruik** – taal wat kwessies met onderskeid behandel, bv. om manlike terme vir alle persone te gebruik

**doeblette** – twee vorme van dieselfde woord wat mettertyd in betekenis begin verskil het, bv. *darem* en *daarom*; *teken* en *teiken*; *kwes* die bok, maar *kwets* gevoelens

**dramatiese doelstelling** – om 'n spesifieke reaksie by die toeskouer/leser te ontlok

**dramatiese ironie** – 'n vorm van kontras - die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser/toeskouer/ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontlont) spanning, genot en gehoordeelname.



**dramatiese struktuur** – die bou van die drama (eksposisie/aanloop, motoriese moment, verwikkeling, ontwikkeling, klimaks/hogtepunt, ontknoping/aflou)

**dubbelsinnigheid** – tweelei betekenis geskep deur die manier waarop woorde of sinne gebruik word; meer as een betekenis of vertolking hê. Wanneer dit onbewus gebruik word, kan dubbelsinnigheid betekenis versluier.

**eksplisiet (in teenstelling met implisiet)** – betekenis wat duidelik of direk gestel word

**essay** – korter prosageskrif waarin 'n literêre, estetiese, politieke of sosiale probleem op kernagtige wyse behandel of bespreek word; krities en bespiegelend van aard; kan 'n gesprekstoon hê; taal en styl is helder, duidelik en logies, dikwels vol humor

**esteties** – betreffende die skoonheidsin; staan in verband met sensitiwiteit en waardering vir die skone soos die skoonheid van taal of die blywende waarde van tekste

**eufemisme** – versagtende uitdrukking of omskrywing; verbloeming; word gebruik om nie gevoelens seer te maak nie, bv. *lang vingers hê* (steel)

**figuurlike taal (teenoor letterlike taal)** – sinnebeeldig, metafories, oordragtelik; woorde en frases wat gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik soos vergelykings, personifikasie, metafoer. Literêre tekste maak baie van figuurlike taal gebruik.

**formaat** – die vorm van tekssoorte soos 'n verslag, brief; ook grootte van iets

**gebaar** – die beweging van die gesig of liggaam wat betekenis kommunikeer soos om die kop ter bevestiging te knik

**gebalanseerde benadering tot geletterdheid** – 'n benadering wat leerders se vormende geletterdheid ondersteun, hulle aanmoedig om tekste te geniet en om op betekenis te fokus, en wat hulle ook help om tegnieke en strategieë te ontwikkel wat die kode van die geskrewe woord ontsluit

**geestigheid** – oorspronklike, verrassende, lagwekkende, grappige uitdrukking

**geimpliseerde betekenis** – betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

**geletterdhede** – daar is verskillende soorte geletterdheid: lees/kyk en skryf/aanbied (tradisionele basiese geletterdhede), kulturele geletterdheid (begrip van die kulturele, sosiale en ideologiese waardes wat ons lees van tekste vorm), kritiese geletterdheid (die vermoë om krities op die boodskap in tekste te reageer), visuele geletterdheid (die vermoë om beelde, tekens, prente, visuele simbole, ens. te lees/teken/skryf), mediageletterdheid (die lees van koerante, tydskrifte, TV en film as kulturele boodskappe), inligtingsgeletterdheid (die vermoë om inligting te vind, ontsluit, evalueer, berg, gebruik, ens.) en rekenaargeletterdheid (die vermoë om rekenaars en rekenaarprogramme – ook die internet – te gebruik)

**geletterdheid** – die vermoë om te lees en geskrewe inligting te gebruik en om vir verskillende doeleindes te skryf. Dit is 'n deel van 'n algemene menslike vermoë om sin van jou wêreld te maak.

**genre** – 'n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale/folklore

**gepastheid** – taal moet gepas wees vir die konteks waarin dit gebruik word. Die groetwyse “Goeiedag, mnr. Vosloo,” is gepas in 'n formele situasie, teenoor “Hello, Vossie,” vir 'n informele situasie.

**gevoelstaal** (ook *emosionele taal*) – taal en styl wat persoonlik is; sterk gevoelens wek; teenoorgestelde van nugtere, saaklike taal

**grafiese voorstelling** – produkte van die visuele en tegniese kunste soos teken, ontwerp; lewendig beskrywende, skilderende voorstelling

**groep taal** – variëteit van 'n taal wat deur 'n bepaalde groep mense soos boere, vissers, fabriekswerkers, studente, tieners gepraat word, en dit van die algemene taal onderskei deur onder andere uitdrukkings en betekenisverskille

**hiperbool** – 'n stylfiguur waarin buitensporige, doelbewuste oordrywing gebruik word; om iets groter as wat dit werklik is, voor te stel, bv. *Hulle het ons 'n berg koek gegee om te eet*

**holistiese benadering** – dit is 'n benadering wat al die vaardighede en verskillende soorte kennis in aktiwiteite integreer en nie op elkeen afsonderlik fokus nie

**homofone** – woorde wat dieselfde klankvorm as 'n ander woord in 'n taal het, maar in betekenis en spelling verskil, bv. 'n *blyk* van waardering; die wasgoed *bleik* in die son

**homonieme** – woorde met dieselfde klank- en spelvorm, maar wat verskil in betekenis, bv. Sy het 'n kuiltjie in haar *ken*; Hy *ken* al die name van die bome in die wildtuin

**houdings** – maniere van optrede of gedrag

**huistaal** – die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en/of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal ‘waarin 'n mens dink’

**idiomatiese uitdrukking** – 'n uitdrukking wat die idioom of taaleie betref, volgens die taaleie; idiome sluit in spreekwoorde, segswyses, gesegdes en spreuke

**implisiet** (teenoor *eksplisiet*) – dit wat nie direk in 'n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word

**inklusiwiteit** – die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, omvat, op te neem

**intonasie** – vloei van die stem by praat, stembuiging

**intrige** – verwickelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

**ironie** – woordgebruik waarmee ’n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde sê van wat ’n mens kon verwag het

**karikatuur** – ’n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van ’n karakter deur die spot te dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

**klankbewustheid** (ook *fonologiese bewustheid*) – die vermoë om tussen die afsonderlike klanke van ’n taal te onderskei

**klanknabootsing** (ook *onomatopee*) – die gebruik van woorde om die klanke wat hulle beskryf, te skep

**klimaks** (ook *hoogtepunt*) – die opwindendste, effektiëfste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.

**kohesie** – samehang

**komposisie** – samestelling van verskillende dele tot een geheel

**konflik** – stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan

**konnotasie** – wat gesuggereer word deur ’n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

**kontaminasie** (ook *taalbesmetting*) – saamvoeging of vermenging van woorde, woorddele of uitdrukkings wat dieselfde of verwante funksies of betekenis het tot ’n nuwe woord of uitdrukking, bv. *skokwekkend* (skokkend + skrikwekkend); *van voornemens* (van plan + voornemens)

**konteks** – die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kontekstuele leidrade** – ’n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in ’n teks te gebruik om betekenis te verklaar

**kontras** (ook *antitese*, *teenstelling*) – stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

**konvensies** – aanvaarde gebruike of reëls in taalgebruik. Sommige konvensies help om betekenis (bv. taalreëls, puntuasie, hoofletters) te skep; sommige help met die aanbieding van inhoud (bv. inhoudsopgawe, algemene uiteensetting, opskrifte, voetnotas, kaarte, onderskrifte, lyste, prente, indeks) en ander weerspieël ’n vaste taalpatroon, bv. groetvorme.

**kopkaarte/breinkaarte** – grafiese netwerkvoorstelling van idees of onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

**kreatiewe denke** – die denkproses oor idees of situasies op skeppende en ongewone maniere met die doel om die situasie of idee beter te verstaan en op 'n nuwe en konstruktiewe manier daarop te reageer

**kritiese bewustheid** – die vermoë om die konstruksie van betekenis te analiseer deur begrip van magsverhoudings binne en tussen tale. Dit bemagtig die leerder om manipulasie te weerstaan en om taal sensitief te gebruik.

**leenwoorde** – woorde wat aan 'n ander taal ontleen is, vreemde woorde wat nou deel van Afrikaans is

**letterlik** (*teenoor figuurlik*) – die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

**literêre tegnieke** – letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

**litotes** – 'n stylfiguur waarby iets verklein word om die betekenis of bedoeling beter te laat uitkom, veral deur die teenoorgestelde te ontken (bv. *dit gaan nie sleg nie = goed*)

**magsverhoudings** – verhoudings gemeet aan gesag en invloed

**manipulerende taal** – taal wat daarop gemik is om 'n onregverdigde voorsprong te kry of ander te beïnvloed, meesal op 'n onderduimse manier

**metafoor** – gebruik een ding om 'n ander met soortgelyke eienskappe te beskryf

**metataal** – taalterminologie om oor taal te praat; dit sluit terminologie in soos teks, konteks, teikengroep, genre en polisemie

**modus** – daar is verskillende modusse van kommunikasie - die geskrewe modus, die gesproke of mondelinge modus, die visuele modus wat grafiese vorms soos tabelle insluit. Die vermoë om inligting van een modus na 'n ander te verander soos om 'n grafiek te gebruik om 'n teks te skryf, of om inligting uit 'n mondelinge teks te gebruik om byskrifte by 'n prent te skryf, is 'n belangrike deel van 'n taalkurrikulum.

**multimedia** – 'n geïntegreerde reeks modusse wat teks, visuele materiaal, klank, video, ens. kan insluit

**oksimoron** – stylfiguur waarby twee teenoorgestelde begrippe met mekaar verbind word, bv. *ou nuus*

**onderbeklemtoning** – die uitdruk van iets op 'n terughoudende wyse, eerder as om die volle feite of waarheid te ontbloot, gewoonlik vir beklemtoning

**onderskrif** – 'n titel of kommentaar saam met 'n artikel, prent, foto, ens.

**outentieke tekste** – tekste wat buite die klaskamer (“in die regte lewe,”) gebruik word soos tydskrifartikels, koerantberigte, radio- of televisieopnames, advertensies, verpakkingsetikette, brosjures, vorms, briewe

**paradoks** – skynbare teenstrydigheid, bv. *om die waarheid te sê moet ek lieg*

**parafrase** – die herbewoording van ’n idee in jou eie woorde

**paronieme** – woorde van dieselfde wortel of stam afgelei, bv. *drink, drank, dronk; besin, versin; inwoner, bewoner*

**partydig** – eensydig, vooringenome, wat by ’n beoordeling die saak nie onbevange beskou nie

**personifikasie** – beeldspraak waardeur menslike eienskappe en handeling aan lewlose dinge, diere of plante toegeken word, bv. *As ek ’n huis kon hê / met sulke mure wat sing...* (Marlise Joubert, *Domus*)

**pleonasme (ook woordoortoligheid)** – woorde waarvan die betekenis nie sinoniem is nie, maar die betekenis van die tweede woord is reeds in die eerste opgesluit, bv. *Ek persoonlik het dit self ervaar; ’n dooie lyk*

**polisemie** – eienskap van ’n woord om verskillende betekenis te hê; betekenisonderskeidings van ’n woord, bv. Die koppie val *uit* sy hand / Dit is *uit* tussen hulle / Hulle *uit* ’n gil van blydschap

**posisie** – plasing, plek; posisionering van die onderwerp in vlak (fokus, in of naby die voorkant van die raam); postuur – die manier waarop ’n mens staan of jouself oordra terwyl jy praat

**rame** – gewoonlik reghoekige omlyning van die onderwerp van visuele teks

**redigering** – die proses van proeflees en herskryf van ’n teks, insluitend taalgebruik, puntuasie en spelling en om samehang van idees en struktuur na te gaan; in die finale vorm sit, vir publikasie inlewer, gereed maak

**register** – die woorde, styl en grammatika wat in verskillende kontekste of situasies deur sprekers en skrywers gebruik word (amptelike dokumente word byvoorbeeld in ’n formele register geskryf, regsdocumente in ’n regsregister)

**retoriek** – valse, oordrewe, verslete beeldspraak wat as oorversiering aangebied word; uitgedien, afgesaag, geyk

**retoriese middels** – middels soos pouses en herhaling, deur ’n spreker/skrywer/aanbieder gebruik om doeltreffend te oortuig

**retoriese vraag** – ’n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, jou mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv. *Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

**ritme** – afgemete beweging; in poësie die natuurlike beweging veroorsaak deur die reëlmatige opeenvolging van beklemtoonde en minder beklemtoonde lettergrepe

**rym** – ooreenstemming van klank in die laaste lettergreep of woorde in digreëls

**samehang** – onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

**sarkasme** – bytend, bitter spot, minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker/skrywer bedoel

**satire** – iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens/maatskappy word onthul of geopenbaar; 'n satiriese literêre werk het gewoonlik 'n bewustelike sosiale inslag

**simbool** – 'n teken/voorwerp wat 'n ander saak verteenwoordig; 'n tradisionele simbool soos 'n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net 'n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook 'n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys

**sinoniem** (teenoor *antoniem*) – 'n woord wat min of meer dieselfde betekenis as 'n ander het

**skote** – neem van foto's uit verskillende hoeke

**slang** (ook *sleng*) – 'n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my 'n kop aangesit/ Jy kan kwaai bestuur*

**soeklees** – om jou oë oor 'n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy 'n naam of nommer in 'n telefoongids soek of 'n trein- of busrooster raadpleeg

**stemprojeksie** – luidheid, volume van stem

**spelstrategieë** – uitwerk van maniere om korrek te spel

**standaard** – die standaardvariëteit van 'n taal is die vorm wat meesal in koerante, amptelike dokumente en taalboeke gebruik word. Dit is nie noodwendig die beste vorm van die taal nie, maar dit is die vorm wat om historiese en/of politieke redes as die standaardvariëteit aanvaar is.

**stem** – dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As 'n mens lees of kyk, kan jy 'n indruk van die skrywer se bedoeling/voorneme kry.

**stemming** – gemoedsgesteldheid

**stereotipe** – vaste (en dikwels partydige) siening oor 'n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

**stylfigure** (ook *styleer*) – uitdrukking wat 'n styleffek teweegbring deur woorde nie in hulle normale of letterlike betekenis en funksie aan te wend nie (afwyking in woordgebruik), maar op 'n besondere wyse groter krag of dramatiese beeld aan skryfwerk verleen, bv. eufemisme, hiperbool, ironie, satire, litotes, sarkasme, sinestesia, metafoor, metonimia, klimaks, oksimoron

**strategie** – ’n sekere prosedure gebruik om ’n probleem te hanteer

**subintrige** – ondergeskikte verwickelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

**taalflater** (ook *malapropisme*) – die verkeerdlike of deurmekaar gebruik van lang woorde om indruk te skep. Alhoewel hierdie woorde soms byna korrek klink, bly dit verkeerd en kan humoristies wees.

**taalvariëteite** (sien ook *variëteit*) – vorme van ’n taal wat patroonmatig van mekaar verskil

**teikengroep** – die bedoelde lesers van, luisteraars na, toeskouers of waarnemers van ’n spesifieke teks. Tydens beplanning van ’n skryfstuk/aanbieding, moet ’n skrywer/spreker die doel en teikengroep in aanmerking neem deur ’n gepaste formaat te kies.

**teks** – dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**tekstuur** – rangskikking en samestelling van bestanddele, struktuur

**tema** – die sentrale idee of idees in ’n literêre werk. ’n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet/vanselfsprekend wees nie.

**tempo** – tydmaat, snelheid van byvoorbeeld praat

**tesaurus** – ’n woordeboek wat volgens saakverbande georden is, saakwoordeboek

**toevoegende veeltaligheid** – ’n taalvermoë verwerf deur die aanleer van ’n taal of tale benewens jou huistaal. Dit vervang nie die huistaal nie, maar word daarmee saam geleer. In ’n toevoegende, veeltalige program word die huistaal versterk en bevestig, terwyl enige verdere taal aangeleer, waarde toevoeg.

**toneelaanwysings** – inligting wat ’n dramaturg oor agtergrond, plasing, tyd en karakters by wyse van toneelaanwysings gee; karakters se emosies en hul uiterlike voorkoms word ook beskryf; word gewoonlik in skuinsdruk aangedui of ná ’n karakter se naam of aan die begin van die drama

**toon** – klank van ’n bepaalde hoogte, toonhoogte, stembuiging wat ’n gevoelsboodskap van ’n teks kan oordra. In ’n geskrewe teks, word dit in woorde uitgedruk. In film kan toon ook deur musiek of agtergrond geskep word.

**toutologie** (ook *stapelvorme*) – woorde wat dieselfde betekenis saam gebruik; onnodige herhaling van wat reeds gesê is, bv. *tortelduif* (tortel=duif); verwys ook na *pleonasme*

**transaksionele skryfwerk** – funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)



**transformasie** – verandering van die vorm van sinne, bv. van bedrywende na lydende vorm

**trappe van vergelyking** – soos van toepassing op byvoeglike naamwoorde en bywoorde soos *mooi, mooier, mooiste* en *gou, gouer, gouste*

**vaktaal** – taalgebruik by die beoefening van 'n vak, beroep of enige spesifieke groep soos rekenaartaal

**verbindingswoord** – 'n woord soos voegwoorde en betreklike voornaamwoorde wat gebruik word om sinne of sinsele te verbind in een sin

**vergelyk** (verwys ook na *kontras*) – om vas te stel op watter maniere dinge dieselfde is

**vergelyking** – naasmekaarstelling van dinge om die ooreenkoms of verskil te vergelyk; stylfiguur. Woorde soos *soos* en *net soos* of *nes* word gebruik om aandag op die vergelyking te vestig.

**vertellersperspektief** – verteller se standpunt vanuit 'n spesifieke hoek gesien (alwetend, alomteenwoordig, eerste- en derdepersoon)

**visuele voorstellings** – boodskappe wat deur middel van die sintuig van gesig oorgedra word (bv. foto's, spotprente, modelle, tekeninge, skilderye, rekenaarbeelde)

**vloediagramme** – oorsigtelike, grafiese uiteensetting (voorstelling)

**vluglees** – om 'n teks baie vinnig te lees ten einde 'n oorsig te verkry soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees

**volksetimologie** – onverstaanbare woorde word soms uit onkunde of grappenderwys omvorm tot 'n klank of woord wat verstaan is, bv. *oliekolonie* uit 'eau de cologne'

**vooordeel** – vooropgestelde idees oor 'n individu, groep, idee of saak. Sodanige neiging om een saak bo 'n ander te bevoordeel, bring mee dat billike assessering baie moeilik word.

**weergawe** – ontwerp, voorlopige plan, konsep

**woordaanpakvaardighede** – die strategieë wat gebruik word vir die lees van onbekende woorde (bv. verdeling van woorde in lettergrepe om na die betekenis van die voor- en agtervoegsels te kyk of om betekenis uit die konteks af te lei)

**woorddoortolligheid** – plekke in tekste waar woorde voorkom wat weggelaat kan word sonder om die betekenis te beïnvloed

**woordspeling** – die humoristiese gebruik van 'n woord om 'n ander betekenis uit te bring; maak op geestige wyse gebruik van woorde wat verskillende betekenis kan hê of woorde wat eenders klink, bv. woordspeling by grappe



**wyse** (ook *sinswyse*) – die wyse waarop ‘n skrywer/spreker sy bedoeling, gevoel en houding teenoor ‘n betrokke saak openbaar; in die klassieke tale word wyse d.m.v werkwoorde uitgedruk, maar in Afrikaans word dit deur die sin uitgedruk, bv. onbepaald/infinitief, aanwysend/indikatief, aanvoegend/konjunktief, vraend/interrogatief en gebiedend/imperatief.